# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I1.9 VOL. 65 PG. 3400-3458.

SAAKNOMMER: CC 482/85 | DELMAS

1986-04-17

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRUGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

65

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---------------------

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---------------------

VOLUME 65

(Bladsye 3400 - 3458)

HOF HERVAT OP 17 APRIL 1986.

MNR. JACOBS : U Edele, net voor die getuie getuienis gee, ons het die besonderhede wat gevra was nou opgetrek. Ons het 'n afskrif aan Ons Geleerde Vriende bestel. Ons vra net verlof om die stukke in te handig by die hof.

MR BIZOS : My Lord, I would like to place on record our appreciation for Your Lordship's indulgence in allowing accused no. 6, Mr Mokoena, to attend his mother's funeral yesterday.

COURT : Are all the accused back in court today?

MR BIZOS : All the accused are present today and I want to assure Your Lordship that we had the fullest possible co-operation and things really went on as planned.

GERHARD JOHANNES VILJOEN, v.o.e.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Mnr. Viljoen, sal u saamstem dat die rede van onluste baie moeilik is om te identifiseer? -- Dit is moeilik, ja.

Dit is ook moeilik om die patroon van onluste vas te stel? -- Dit is nie moeilik vir die persoon wat op die toneel is en wat die onlus hanteer nie.

Ek wil u vra of u uself as 'n deskundige beskou in verband met die patroon van onluste? -- Nie as 'n deskundige nie, maar as 'n persoon wat wel kennis het daarvan.

U sien, ek wil u vra of u voor u u menings uitgespreek uself as 'n deskundige beskou het of net 'n persoon wat 'n sekere ondervinding het en het 'n mening as gevolg van daardie ondervinding uitgespreek? -- Soos reeds gesê, ek beskou as 'n persoon wat kennis het van daardie situasies en as gevolg van die ondervinding wat ek het, maar ek sou nooit sê dat ek 'n deskundige op die gebied is nie.

Ek wil u vra byvoorbeeld of u saamstem dat u ondervinding

... / in

in Soweto in 1976 toe u nog 'n majoor was, in die algemeen was en of dit net by die polisiestasie was in die omgewing waar u destyds gestasioneer was? -- Dit was ondervinding van die gebeure in geheel in Soweto. Ek het dwarsdeur daardie gebied gewerk. Ek was nie beperk tot 'n besondere polisiewyk nie.

In hoeveel situasies was u die bevelvoerende offisier waar onluste plaasgevind het te Soweto in 1976? -- Dit is moeilik om spesifieke voorvalle nou te herhaal na soveel jare, maar ek was betrokke in baie voorvalle.

Kan u onthou dat u getuienis gegee het voor Sy Edele CILLIERS, R.P by die Kommissie wat na die onluste plaasgevind het? -- Ek het getuienis gelewer.

Kan u onthou in u getuienis daar op watter geleenthede u getuig het, of dit nou twee of drie geleenthede was waar u persoonlik betrokke was in 'n onlussituasie?

HOF : U bedoel van hoeveel geleenthede het u gepraat waar u persoonlik betrokke was?

MR. BIZOS : Waar u persoonlik betrokke was? -- Ek kan nie onthou nie.

Ons was in staat om net drie geleenthede te vind. Sal u saamstem dat dit miskien reg is? -- Nee.

Het u die verslag van die Kommissie gelees?-- Ek het nie.

Het u die getuienis gelees wat ander getuies daar gegee het? -- Ek het ook nie.

Het u nie gebruik gemaak van die verslag van die Kommissie in verband met die patroon van die onluste voor u enige mening hier by hierdie hof uitgespreek het nie? -- Ek het daardie getuienis nie gelees nie.

Maar as dit was, stem u saam dat 'n hele aantal polisiebeamptes en ander getuies getuienis voor die Kommissie gegee het voor Sy Edele CILLIERS, R.P en dat hy van die

... / patroon

patroon van die onluste te Soweto gerapporteer het? -- Dit is seker so.

Sal u saamstem dat die verslag van die Kommissie wat honderde getuies gehoor het beter in staat was om die patroon van die onluste te beskryf het as u met u beperkte ondervinding? -- Dit is seker logies dat die voorsitter van 'n Kommissie meer inligting het en dat hy beter in staat sou wees.

U het kort voor u hoofgetuienis klaar was agt redes gegee waarom u sê dat die onluste by Soweto van 'n ander aard was as die wat in die Vaal Driehoek plaasgevind het. Kan u dit onthou? -- Ek het dit nie getel nie, maar ek het redes verstrek.

Laat ons elkeen van daardie redes aan u meld en vra of u met u beperkte kennis van Soweto die Hof nou kan verseker dat dit wel so was of nie.

HOF : Laat ons net die ding regstel. Die redes - ek het hulle ook nie getel nie, as hulle agt is, is hulle agt - is gegee aan die hand van die stelling "deur die loop van my diens in die gebied lei ek af dat die opset moes daar georganiseer wees, die totale onlusopset" en eers na die redes is daar toe 'n verwysing gemaak na Soweto. Die redes is gegee aan die hand van die stelling dat die opset georganiseerd was.

MR BIZOS : I understood the evidence that a distinction was being drawn.

COURT : That is correct, but not necessarily on the basis of the eight reasons.

MR BIZOS : Perhaps there were no reasons for the distinction.

COURT : That may well be, but any way, just to set the record straight.

MR BIZOS : But I did understand from the notes that I have

... / taken

taken by My Learned Friends that he tried to draw a distinction between them.

COURT : That is so.

MR. BIZOS : Die eerste rede wat u gegee het, is die feit dat daar spesifieke teikens uitgesonder is in Soweto in 1976?

HOF : Nee, nee, nee. Die spesifieke teikens is uitgesonder in die Vaal Driehoek.

MR. BIZOS : U is heeltemal reg. Die feit dat daar nie spesifieke teikens in Soweto aangeval is nie en dat daar wel spesifieke teikens in die Vaal Driehoek aangeval is. Wat ek wil vra is, wat se soort teikens het u in gedagte gehad toe u daardie rede gegee het? -- Ek het die teikens genoem, die wonings van polisiebeamptes, die wonings van raadslede en die raadslede self, die besigheidspersele van raadslede, eiendom van die Ontwikkelingsraad sowel as van die Raad, die raadskantore, biersale, drankwinkels.

Laat ons elkeen van daardie teikens neem. Kan u onthou of daar raadslede in Soweto in 1976 was of nie? -- Daar was nie onafhanklike rade in Soweto in daardie tyd nie.

Was enige soort Raad wat enige funksie uitgeoefen het in 1976 te Soweto? -- Daar was die Administrasierade.

Ons praat nie van die Administrasierade nie. Enige funksie wat Swartmense oor Swartmense vervul het?

HOF : Was daar 'n soort Stadsraad? -- Daar was 'n Stadsraad. Ek kan my nie herinner wat het hulle dit genoem nie, maar dit was nie soos tans onafhanklike rade nie. Daar was 'n soort van 'n Stadsraad wel.

MR. BIZOS : Dit het geen funksie uitgeoefen wat die lewe van die mense daar beïnvloed het nie? -- Hulle het seer sekerlik so 'n funksie uitgeoefen.

Wat se soort funksie het hulle uitgeoefen? Het hulle

... / huise

huise uitgegee of weggeneem? -- Ek is nie op hoogte met die funksies wat daardie Raad uitgeoefen het nie.

Ek sal die vraag dan 'n bietjie anders vra.

HOF : Mnr. Bizos, u weet klaarblyklik wat die Raad is. Stel dit aan die brigadier. Hy sal seker daarmee saamstem.

MNR. BIZOS : Dit is net 'n raad wat advies gegee het. Dit het geen uitvoerende funksie gehad nie?

HOF : Weet u of dit so is? -- Ek is bewus daarvan dat die Administrasierade die totale beheer in die gebiede gehad het. Ek sal saamstem dat Swartlede 'n adviserende rol vervul het miskien, maar soos ek sê, ek weet nie wat hulle funksie was nie.

MNR. BIZOS : Ek is deur die beskuldigdes meegedeel dat dit Urban Bantu Councils genoem was. Die mense wat wel die beherende funksies te Soweto in 1976 uitgeoefen het, was die beamptes van die Administrasierade? -- Korrek.

U kan soos ek ongelukkig seer sekerlik onthou dat die beamptes wel aangeval was ongeveer 09h30 die oggend van die 16de? -- Die raadskantore was aangeval.

Twee van die beamptes is gedood? -- Dit is korrek. Hulle was op pad gewees.

By hulle kantoor? -- Nee, ek dra kennis van een besondere voorval waar 'n Blankebeampte op pad was en toe deur 'n skare oorval is.

Ek moet u herinner dat een van die oorledenes dr. Edelstein was wat in sy kantoor vermoor was? -- Daardie toneel het ek self besoek. Sover my kennis strek was dr. Edelstein nie 'n uitvoerende raadsbeampte nie.

Hy was in die Administrasiekantoor die oggend van die 16de toe die beamptes daar aangeval was? -- Hy was in die kantoor.

... / HOF

HOF : Was hy 'n mediese dokter by Gesondheidsdienste? -- Ek weet nie of dit Gesondheidsdienste was nie, maar hy het te doen gehad met, as ek my reg herinner - ek sal moet raai - welsyn meer as gesondheidsdienste.

MNR. BIZOS : Hy was 'n sosioloog wat alhoewel hy miskien nie 'n beampte was nie, hy deur die Raad gebruik is om navorsing te doen en sy kantoor was in die Raadskantore? -- Korrek.

Ander beamptes is aangeval en kan u onthou dat 'n aantal van hulle van die omgewing deur helikopters gered moes word? -- Nie 'n aantal nie. Daar was 'n helikopter wat mense vervoer het. Ek kan ook vir u inligting net meld dat ek vroeg oggend op daardie dag persoonlik probeer het om alle Blankes uit daardie gebied verwyder te kry, uit Raadskantore sowel as Blankes wat op daardie tydstip besig was om aan elektrisiteit te werk en dat ek nie deur die gebied kon vorder voordat die probleme uitgebreek het om hierdie mense te waarsku nie.

Laat ons dit net so stel dat kort na die optog deur die polisie uiteen gejaag is, die lede van die Stadsraad teikens geword het? -- Volgens my kennis en my inligting was hulle teikens nog voordat die probleem begin het. Daarom het ek gepoog om hulle betyds uit die gebied te kry.

In elk geval, ons wil nie die Kommissie se werk probeer doen nie, maar sal u saamstem dat daar wel teikens was en dat sekere van die teikens mense was wat by die Administrasieraad werksaam was? -- Sekeres, maar daar was ook ander persone onafhanklik. Ek herinner my dat 'n Blankedame, twee van hulle, in 'n voertuig aangeval was. Dit was ook privaat mense wat welsynsfunksies in die gebied vervul het.

Dit het ongelukkig ook in die nabyheid van die Vaal Driehoek gebeur dat 'n Blankevrou met haar baba aangeval was toe sy op die pad gery het om haar bediende huis toe te neem?

... / Dit

-- Dit het gebeur, maar dit was onmiddellik na 'n begrafnis toe daar opruiende mense op pad was terug van die begrafnis af na hulle huise toe.

Dit is die eerste rede wat u gegee het. Die tweede rede is spesifieke persone, ook raadslede en wonings. Dit is wat u gesê het wat in die Vaal Driehoek gebeur het. -- Korrek. Ek het ook gesê dat daar by party van hierdie wonings, by twee geleenthede aangeval was.

Ja, ons kom daarby. Ons het dit as 'n aparte rede. Is u getuienis aan Sy Edele in hierdie hof dat daar nie spesifieke persone se wonings te Soweto aangeval was te 1976 nie? -- Ja, ek het dit nie genoem nie. Ek het nie gepraat van wonings nie. Ek het gesê dat raadseiendom in Soweto ook teikens was.

Laat ons dit net een na die ander neem. Sal u sê dat spesifieke persone se eiendom nie te Soweto aangeval was nie?

HOF : Praat u van privaat persone?

MNR. BIZOS : Privaat persone.

HOF : Dit is wonings?

MNR. BIZOS : Wonings. -- Daar was wonings aangeval.

Was daar ook wonings aangeval wat aan persone behoort het wat binne-in die sisteem werk te Soweto? -- Daar was.

Was daar wonings van polisiebeamptes in Soweto aangeval? -- Daar was ook.

Was daar sekere besighede aangeval en geplunder te Soweto in 1976? -- Daar was baie besighede aangeval.

HOF : Het die besighede wat aangeval is aan 'n spesifieke klas persone behoort? -- Nee. Dit was algemene aanvalle op besighede.

MNR. BIZOS : Het dit nie ook in die Vaal Driehoek gebeur nie? -- By wyse van uitsondering. Ek herinner my aan die Indiër-besighede wat aangeval is.

... / En

En besighede wat ook nie aan raadslede behoort het nie in die Swartwoongebiede? -- Ja.

Sal u nie sê dat die aanval - hoeveel Indiërwinkels was beskadig? Kan u onthou? -- Nee, ek weet nie.

HOF: Waar is die Indiërwinkels geleë? -- Ek weet van die in Evaton.

MNR. BIZOS : Waar nog? -- Dit is al waarvan ek persoonlik kennis dra.

HOF : Meer as een? -- Daar is meer as een. Ek onthou twee wat langs mekaar geleë is.

MNR. BIZOS : Sê u dat daar net twee besighede aangeval is? -- Ek weet van twee.

U weet net van twee? -- Ek weet van twee. Daar mag meer aangeval gewees het.

Ons het 'n lys van daardie besighede. Wil u aan die Hof sê dat u nie kennis dra van meer as twee nie? -- Ek het geen besighede getel nie. Ek het nie probeer 'n onderskeid tref tydens die tyd dat ek daar gewerk het nie en ek het ook nie die globale besighede gaan tel nie.

HOF : Kan u my dit sê, ek verstaan dat die besighede in die Swartgebiede in besigheidskomplekse is. Is dit korrek of verkeerd? -- Daar is komplekse en sommige is apart geleë.

By die komplekse, was daar selektiewe uitbrandery of was die hele kompleks uitgebrand? -- Die hele kompleks was uitgebrand.

Dan was die hele ding afgebrand? -- Ja.

Was alles geplunder? -- Ja. Mag ek my miskien duidelik stel. Ek het probeer die algemeenheid van Soweto weergee. Daar was feitlik geen besigheid in die geheel van Soweto wat nie gedurende daardie periode geplunder was nie, terwyl in die Vaal Driehoek daar wel besighede was en ook besighede

... / langs

langs die hoofweë wat wel nie beskadig was nie.

MNR. BIZOS : Is stappe geneem om die besighede langs die hoofweë te beskerm? -- Nee, nie in besonder nie. Ons het nie wagte geplaas by besighede nie.

HOF : Was daar in elke kompleks wat afgebrand is 'n winkel of besigheid wat behoort het aan 'n raadslid? -- Ek het nie so diep daarop ingegaan nie. Ek kan dit vasstel.

MNR. BIZOS : Laat ons voortgaan voor ons in die algemeen aan u stel wat die posisie daar was. Die drankwinkels, biersale en ander eiendom van die Raad is in Soweto beskadig? -- Dit is korrek.

Dit geld ook vir die Vaal Driehoek? -- Korrek.

Die ander rede wat u gegee het, het u beskryf as 'n gedetermineerde optrede waar persone se huise twee keer aangeval is. -- Korrek.

Dra u nie kennis van die feit dat te Soweto daar ook soortgelyke pogings was nie? -- Nee.

As ek aan u stel dat daar 'n verwysing is na sulke pogings in die verslag van die Kommissie, sal u in staat wees om dit te erken of te ontken? -- Ek dra nie kennis daarvan nie.

U het ook gesê dat die verskil tussen Soweto en die Vaal Driehoek was dat mense in Soweto in groepe van twee- tot drieduisend opgetree het, terwyl in die Vaal Driehoek daar kleiner groepies was wat opgetree het? -- Dit is korrek.

Is u getuienis dat daar nie klein groepies van vyftig tot twee- tot driehonderd te Soweto was wat skade gedoen het, plundering, brandstigting gepleeg het nie? Is u in staat om te sê dat dit nie te Soweto gebeur het nie? -- Met skade en plundering seker so, maar nie op tonele waar ek opgetree het nie.

Maar dra u kennis van die feit dat die verslag van die

... / Kommissie

Kommissie 'n katalogus van gebeurtenisse gee van dag tot dag en van uur tot uur wat daar gebeur het nie, gedurende die tydperk wat die onluste plaasgevind het? Weet u dat dit daarvan verkrygbaar is? -- Dit spreek seker logies, maar weer eens, ek nie daardie verslag gelees nie.

En as die verslag die getuienis op 'n korrekte manier opgesom het, blyk dit dat sulke klein groepe baie besig was gedurende hierdie tydperk. Dit sal ook geen verskil wees nie. Dit was net u persoonlike ondervinding wat u beskryf het? -- Dit was my waarneming.

Ek hoop dit sal nie vir my nodig wees om aan u te sê, om te noem die aantal winkels te Soweto wat gedurende daardie tydperk aangeval en geplunder was nie. Is u seker dat al die winkels aangeval was? -- Ek het gesê feitlik. Dit wil sê dat daar was besighede, maar baie min.

Kan u vir ons sê wat die persentasie van die besighede was wat nie verwoes was nie? -- Ek kan nie sê nie.

Sal u toegee dat u persoonlike ondervinding en u persoonlike geheue miskien u tot die verkeerde slotsom gebring het? -- Dit was my waarneming van die gebeure waarin ek self deel gehad het en ek glo nog dat dit 'n korrekte waarneming is.

U sien, ek wil aan u in die algemeen stel dat die patroon van die opdrag aan mense in onlussituasies baie moeilik is om te beskryf of te voorsien? -- Dit is moeilik. Ek het egter albei hierdie onluste persoonlik van die begin daarvan af deurleef. Ek kan net meld dat die oggend in Soweto toe die eerste optog begin het, was ek die eerste polisiebeampte wat daarvan kennis gehad het en wat daarby betrokke geraak het.

Is u bewus van die feit dat die Kommissie gevind het te Soweto dat 'n optog van baie skoliere, jong kinders, op pad

... / was

was na die Administrasieraad se kantore? -- Dit is juis waar die verskil lê, dat in Soweto het die skoolkinders die oggend begin met optogte. Ek het die eerste groep gevolg. Ek het langs hulle bly ry. Toe hulle omtrent tweehonderd treë van die volgende skool was, het daardie skoolkinders summier uitgekom en by die groep aangesluit. Dit is 'n heel ander opset as wat in die Vaal Driehoek was.

Ons wil nie die hele Kommissie se bevindings en getuienis oorgaan nie. Ek het vir u gevra, weet u dat die Kommissie gevind het dat die mense, die jong mense en die kinders op pad was na die Administrasiekantore? -- Nee. My kennis is dat die skoolkinders op pad was na die Orlando stadion toe.

Was u teenwoordig toe die polisie die optog gestop het, gekeer het? -- Ek was nie, maar ek was kort daarna op die toneel.

Dra u kennis van die feit dat toe die optog deur die polisie gestop was, 'n lid van die polisie met sy vuurwapen ene Hector Peterson doodgeskiet het? -- Korrek.

En daarna, 'n optog wat 'n optog op die pad was, het 'n skare geword wat na verskillende rigtings begin beweeg het? -- Korrek, maar ek mag net meld dat ek voordat daardie skietvoorval plaasgevind het en terwyl ek onderweg was om te probeer om die Blankes uit die gebied te verwyder, vir myself midde in 'n optog van skoolkinders gevind het. Dat ek geen optrede van watter aard ook al geloods het nie, baie stadig beweeg het om deur die optog te kom en dat ek toe daar aangeval was en met traanrook moes optree om uit die probleem te kom.

Dra u kennis dat die bevinding van die Kommissie was dat na die dood van Hector Peterson die situasie onbeheerbaar geword het? -- Ek sê weer, ek weet nie wat die Kommissie bevind het nie, maar uit eie ondervinding, weet ek dat toestande

... / daarna

daarna eskaleer het.

Die vraag is, dat die duisende mense wat in die optog was onbeheerbaar geword het? -- Ek weet nie of die Kommissie dit bevind het nie.

Weet u of die leiers van die optog enige beheer kon uitoefen oor groepies van die mense wat òf 'n deel van die optog was òf die kleiner groepies aangesluit het na die optog uiteen gejaag was? -- Ek weet nie of die leiers daaroor beheer kon uitoefen nie. My praktiese ondervinding sê egter vir my dat dit onmoontlik is.

Goed, ons sal aangaan. Stem u saam dat mense wat voel dat hulle onderdruk is deur die mense wat die reg het om hulle te regeer, die reg het om 'n optog aan deel te neem? -- Daar is wette wat optogte verbied. Ek persoonlik, as ek my persoonlike gevoel moet weergee het geen beswaar daarteen nie en ek sou as polisiebeampte geen beswaar hê teen 'n nie- gewelddadige opset nie.

Stem u saam dat in die groot stedelike gebiede, of dit nou in Soweto is of in die Vaal Driehoek, sonder enige onlussituasie 'n aantal jongmense is wat werkloos is? -- Ja, werkloosheid vier hoogty in Suid-Afrika in hierdie huidige ekonomiese klimaat waarin ons leef.

Maar in die algemeen, is daar 'n aantal jongmense in die gebiede wat werkloos is? -- Dit is 'n wêreld verskynsel. Dit is so.

Ek dink ons weet dat die hele wêreld probleme het. Laat ons asseblief by die probleme van Soweto en die Vaal Driehoek vir vergelykingsdoeleindes bly. Sal u saamstem dat daar 'n groot aantal jongmense was wat werkloos was? -- Dit is so.

<u>ASSESSOR (MNR. KRÜGEL)</u> : Praat u van die Vaal Driehoek of praat u van Soweto?

MNR. BIZOS : Ek praat van altwee. Daar is ook, is daar nie, 'n groot probleem in hierdie gebiede met jongmense wat in bendes saamkom en gewone oortredings pleeg? -- Dit is korrek. Dit is so.

Byvoorbeeld, huisbraak, diefstal? -- Dit is korrek.

En ander anti-sosiale dade wat hulle daar pleeg? -- Dit is korrek.

Sal u saamstem dat daardie soort persoon waar daar 'n onlussituasie is, hulle vir hulle eie doeleindes hulle eie werk doen? -- Dit is so.

En dat hulle met hulle dade ander jongmense beïnvloed om saam te gaan met hulle en in hulle geselskap brandstigting en plundering pleeg? -- Korrek. Dit kan gebeur.

En dat dit baie moeilik is om te onderskei by elke plek waar brandstigting en plundering plaasvind wat die motief van die persone of die skare presies is? -- Dit is korrek.

Om sigarette en drank en miskien kos te kry wanneer jy werkloos is, is nie iets waarop 'n jong mens maklik sy rug kan draai nie? -- Dit kan gebeur.

Laat ons asseblief met die laaste rede volgens die notas wat ek het wat u gegee het dat die padversperrings - was daar nie padversperrings in Soweto in 1976 nie? -- Daar was padversperrings, maar as ek my korrek herinner het ek padversperrings nie as die rede vir die trek van verskil tussen die twee gebeure genoem nie.

Laat ons by 2 September 1984 kom.

HOF : Net voor u daarby kom. In Soweto, was daar padversperrings opgerig voor die optog plaasgevind het? -- Nee, dit was daarna opgerig.

In die dae daarna of in die ure daarna? -- In die ure daarna.

MNR. BIZOS : Op 2 September het u met die stadsklerk gepraat, mnr. Louw? -- Nee.

Het u met enige ander raadslid gepraat? -- Nee.

Het u met enige verteenwoordiger van die Raad gepraat om te probeer vasstel wat die moeilikheid nou was? -- Nee, ek het nie.

Het iemand aan u gesê op die 2de van die Stadsraad dat die rede waarom die persone in die Vaal Driehoek hulle ongeluk uitgespreek het en waarom dit nodig was om 'n kolonel en die mense van die onluste-tak daarheen te stuur - was daar enige spesifieke rede aan u gegee? -- Ek het geen konsultasies met enige raadslid of verteenwoordiger gehad nie.

Het iemand u verwittig dat daar 'n openbare vergadering was gedurende Augustus en dat daar besluite geneem was deur mense wat partykeer soveel as 'n duisend was om op die 3de nie werk toe te gaan nie? -- Ek dra nie kennis daarvan nie.

Het iemand u verwittig dat besluite geneem is dat daar 'n optog sou wees vanaf verskillende plekke in Sebokeng en ander plekke tot by Houtkop waar die hoof Administrasiekantore is om die owerhede mee te deel dat hulle ongelukkig was met die verhoging van die huurgeld? -- Nee.

Is enige inligting aan u gegee dat die vervoermaatskappy en die eienaars van huurmotors versoek was om nie op daardie dag mense werk toe te neem nie, omdat 'n optog sou plaasvind? -- Nee.

As u daardie inligting op die 2de sou gehad het, stem u saam dat u miskien ander reëlings sou getref het vir die veiligheid van die mense in daardie omgewing? -- Ek glo nie.

Ons weet van u getuienis dat u op 'n suksesvolle manier later met 'n skare van tienduisend gepraat? -- Korrek. Die optrede en beplanning hang af van wat gekonfronteer word.

... / Daarom

Daarom sê ek dat ek glo nie ek kon anders optree nie. Die skare bepaal die optrede.

Is dit nie selfsprekend nie dat 'n polisie-offisier beter sy optrede kan beplan as hy kennis dra van wat hy miskien kan verwag? -- Dit is so.

En u moes geweet het uit u ondervinding van Soweto, as enige lid van die polisie wat miskien na enige persone skiet voor 'n optog sou plaasvind, dit miskien die situasie kan verander? -- Dit is so.

En as u kennis gedra het op die 2de van enige optog wat sou plaasgevind het deur die gemeenskap in die geheel, sou u seer sekerlik u manne gewaarsku het om baie versigtig te wees? -- Daardie opdrag is my staande opdrag. Ek is nie 'n persoon wat maklik mense laat skiet nie. Weer eens, die omstandighede bepaal - my mense is permanent voorgelig, hulle is opgelei, dit sou geen verskil aan my opdragte aan hulle maak nie.

HOF : In so 'n situasie mag 'n gewone lid van die Mag wat nie 'n offisier is nie, met skerp ammunisie skiet sonder bevel? -- Net alleen as hy in noodweer optree, as sy lewe in gevaar verkeer of die lewens van andere.

MNR. BIZOS : Sal u saamstem dat in die polisie, soos enige ander groot maatskappy of organisasie, daar 'n klein minderheid is, hoop ons, wat nie heeltemal gedissiplineerd is nie? -- Dit is so.

U weet dat enige skietery is mos die geboorte van gerugte wat nie altyd waar is nie. As 'n persoon geskiet is, is daar gewoonlik gerugte wat in die gemeenskap versprei word in verband met daardie skietery en dood? -- Dit is korrek.

U het vir ons gesê dat gedurende dieaand van die 2de 'n persoon of u het inligting gekry dat 'n persoon na die

... / lykshuis

lykshuis gebring is? -- Nee, ek dink ek het getuig dat terwyl ek daar was, 'n persoon na die lykshuis gebring is.

Weet u wie daardie persoon was? -- Ek het nie die naam van die persoon nie.

As ek vir u die naam gee, sal u u dit miskien herinner, Thabu Ruben Twala? -- Ek het die naam nooit self hanteer nie. Ek aanvaar dat die verdediging korrek is.

Ons sal nie vir u vra hoe die wyle Twala sy dood tegemoet gegaan het nie, maar dra u kennis daarvan wat die bewerings van sy huisgesin is, sy maats en die gemeenskap in verband met sy dood? -- Ek dra nie daarvan kennis nie.

Is u in staat om te erken of te ontken dat die gerugte dwarsdeur die gemeenskap was dat hy, as die weergawe korrek is, op 'n onverantwoordelike manier deur 'n polisiebeampte doodgeskiet is met 'n rubberkoeël, op 'n onwettige manier? -- Ek dra nie daarvan kennis nie.

Het u daardie aand nie enige ondersoek ingestel na die omstandighede van die dood van die persoon nie? -- Dit lyk vir my ek en die verdediging praat nie van dieselfde persoon nie. Die eerste persoon wat na die lykshuis gebring was, was nie deur 'n rubberkoeël getref nie. Daar was wel deur skerp ammunisie, volgens my afleiding.

Was daar 'n persoon wat deur 'n rubberkoeël doodgeskiet was? -- Dit was die tweede voorval daardie aand waarvan ek kennis geneem het.

Ons dra kennis van die persoon wat nie deur 'n polisiebeampte doodgeskiet is nie. Ons praat nie van hom nie.

HOF : Die eerste een was nie deur die polisie geskiet nie?

MNR. BIZOS : Die persoon waarvan die brigadier nou melding gemaak het, is nie deur die polisie doodgeskiet nie.

HOF : Met die skerp ammunisie?

... / MNR. BIZOS

MNR. BIZOS : Met die skerp ammunisie.

HOF : Praat ons dan nou van twee gevalle?

MNR. BIZOS : Ja.

HOF : Die tweede voorval, dit wil sê met die rubberkoeël, hoe laat ongeveer het dit plaasgevind? -- Dit was - ek was na 23h30 daardie aand op die toneel. Dit het net voor dit plaasgevind.

MNR. BIZOS : Het u enige ondersoek ingestel in verband met die omstandighede van die dood van die persoon Twala deur 'n rubberkoeël? -- Ek het nie ondersoek ingestel as sulks nie. Ek was meegedeel dat die polisievoertuig aangeval is en dat die lid van die Mag homself moes verdedig.

Weet u of enige persoon na die polisiestasie gebring is terselfdertyd as die lyk van wyle mnr. Twala of na die lykshuis? -- Ek dra nie kennis nie.

Weet u of die inhegtenisneming van die oorledene Twala in die teenwoordigheid van ander lede van die gemeenskap plaasgevind het?

HOF : Ek het gedink hy is doodgeskiet?

MNR. BIZOS : Toe hy nog gelewe het.

HOF : Is hy met 'n rubberkoeël getref terwyl hy in hegtenis was? Is dit die bewering?

MNR. BIZOS : Dit is die bewering.

HOF : Terwyl hy in hegtenis was, is hy met 'n rubberkoeël getref?

MNR. BIZOS : Weet u toe hy geskiet was of daar ander mense was wat die omstandighede van die skietery gesien het? -- Ek weet nie. Ek was nie daar nie.

Weet u dat sy familie nie aanvaar het dat hy enige oortreding gepleeg het wat vir die polisie die reg sou gegee het om hom te skiet nie? -- Ek weet nie.

... / Het

Het die lede van u Mag enige bevel gehad om 'n soort van 'n aandklokreël in te stel? -- Nee.

Het die mense die reg gehad om in klein groepies te loop in die gebied gedurende die aand van die 2de? -- Sekerlik.

En daar was geen rede om klein groepies persone van vyf tot tien of twaalf uiteen te jaag gedurende daardie aand nie? -- Nee.

U is nie seker nie - jammer, u kan nie sê of dit wel plaasgevind het of nie? -- Ek kan nie sê nie. Ek dra geen kennis van sodanige voorvalle nie.

As dit wel gebeur het, sal u saamstem dat in die situasie wat die mense hulle self bevind het, die gemeenskap baie kwaad sou gemaak het? -- Dit sou.

En hulle opinie omtrent die polisie sou versleg het? -- Sekerlik.

Miskien is houding 'n beter woord.

HOF : Gevoel.

MNR. BIZOS : Op die 2de, het u, volgens u getuienis, soos ek dit lees, geen stappe geneem om die spesifieke wonings van raadslede of hulle besighede te beskerm nie? -- Ek het dit nie bewaak nie.

Het die raadslede self of die stadsklerk of enige ander persoon aan u gesê "Brigadier (u was 'n kolonel toe) Kolonel, ons het spesifieke inligting dat die mense aangeval sal word. Sal u hulle eiendom bewaak?" -- Sover mannekrag dit toelaat. Ek het eenvoudig net nie oor die mannekrag beskik om dit te kon uitvoer, sou ek daarvan bewus gewees het nie.

U is nie van so 'n plan in kennis gestel nie? -- Nee.

U is ook nie van enige spesifieke dreigemente teenoor spesifieke raadslede verwittig nie? -- Nee.

Alhoewel ons weet dat mannekrag altyd 'n probleem is,

as u daardie inligting sou gehad het, sou u seer sekerlik u bes probeer het om sulke aanvalle te vermy? -- Seer sekerlik.

Volgens u ondervinding, is gerugte dat persone deur die polisie gedood is of geskiet is, gerugte wat baie vinnig deur die Swartgebiede versprei? -- Dit is korrek.

Het enige van u manne enige opdrag gehad om klein groepies mense wat op die strate rondloop die oggend van die 3de met geweld uiteen te jaag? -- Geen klein groepe nie, tensy 'n persoon aangeval sou word.

Hoeveel klein voertuie, die geel polisievoertuie wat deur die polisie gebruik is waarin twee of drie polisiebeamptes rondry, was daar? Dit is nou op die oggend van die 3de? -- Ek het werklik nie 'n opsomming gemaak van presies hoeveel nie. Ek moet weer eens 'n skatting maak. Daar het vyf van Krugersdorp gekom en ek weet dat daar ses in Vereeniging was.

Dit is voertuie wat vinnig deur die gebiede patrolleer? -- Dit is korrek.

Ek gebruik die woord in sy algemene vorm. Het die polisiebeamptes wat patrolliewerk gedoen het op die oggend van die 3de sambokke gehad? -- Hulle het gehad.

K204 Weet u - laat ek dit eers so stel. Wanneer het u vir die heel eerste keer gehoor dat die gemeenskap nie werk toe sou gaan nie, maar hulle sou aan 'n optog deelneem? -- Ek het dit nooit gehoor nie.

Nie eers op die oggend van die 3de nie? -- Nee, want dit het ook nie vir my so geblyk nie, want by die busstoppe was wel mense wat vir busse gewag het. Daar was ook mense wat in die busse geklim het. Die opdaag by busstoppe het my nie onder die indruk gebring dat mense nie wou of sou gaan werk nie.

Is u in staat om te erken of te ontken dat die patrollie-

... / waens

waens besig was om die groepies mense wat op pad was na die beginplekke van die optog uiteen te jaag? -- Ek dra daarvan nie kennis nie.

HOF : Kan ek net iets vra. U is nou die persoon in beheer of in bevel. Weet u wat in die veld aangaan? Is daar 'n prosedure waarkragtens u weet wat elke man op elke oomblik doen of word daar net agterna aan u gerapporteer as daar iets ernstigs voorval? -- Dit is prakties onmoontlik dat ek altyd weet. Ek is oorhoofs in beheer met offisiere in beheer van groepe en die offisier is veronderstel om my op hoogte te hou deur lopende verslag te gee van wat gebeur.

Deur middel van die radio?-- Deur middel van die radio en daardie verslag word op rekord geneem.

As daar nou 'n aksie uitgevoer sou word dat 'n patrolliewa mense uiteen jaag, is dit so belangrik dat dit gerapporteer moet word aan die offisier en dat die offisier dit weer aan u rapporteer of sou dit by die offisier vashaak of is dit so onbelangrik dat dit glad nie gerapporteer word nie? -- Dit mag gebeur dat as die lid glad nie met wapengeweld optree nie, dat hy dit nie rapporteer nie.

MNR. BIZOS : Praat u van 'n vuurwapen as u van 'n wapen praat? -- Ek praat van 'n vuurwapen.

U kan nie alles beheer nie, maar u sal seker verbaas wees dat party mense wat op pad werk toe was, ook uiteengejaag is deur die patrollies? -- Indien die verdediging bedoel deur die landrovers, dan betwyfel ek dit baie sterk.

Dit is nie as 'n grap bedoel nie, maar ons is verwittig dat hulle bekend is as Zola Budds, naamlik dat hulle vinnig loop. Is dit die landrovers of is dit ander? -- Ek dra nie kennis van daardie benaming nie.

HOF : Is dit nou die landrovers?

... / MNR. BIZOS

MNR. BIZOS : Ek weet nie of dit die landrovers is nie, maar Zola Budds, wat baie vinnig ry.

HOF : U het gesê u betwyfel dit sterk as dit deur landrovers is. Waarom betwyfel u dit sterk as dit deur landrovers is? -- Ek konstateer graag, die lede op daardie landrovers is spesiaal opgeleide lede. Hulle het onder my beheer al verskeie mynonluste en ook terreurvoorvalle hanteer. Hierdie lede het ek nadat ek versterkings uit Pretoria gekry het en hulle geoordeel het dat van daardie versterkings onnodig aggressief teenoor die publiek optree, by my kom kla daaroor. Hulle opleiding en ons benadering is dat as 'n situasie sonder enige geweld hanteer kan word, ons dit liewer langs daardie weg sou doen.

Maar behalwe die landrovers, was daar ook nog ander voertuie op patrollie? -- Daar was vragmotors op patrollie en twee Hippo voertuie.

MNR. BIZOS : Wat van die ligter, kleiner ... -- Dan was daar die honde-eenheid met gewone sedan voertuie.

HOF : As u van 'n vragmotor praat, praat u van die wat ek noem 'n bakkie of van 'n baie groter ding? -- Nee, as ek van 'n vragmotor praat, ons noem dit 'n opruktrok, is dit 'n groter voertuig.

So drie-ton? -- Drie-ton.

MNR. BIZOS : U sien, wat ek aan u wil stel is dit, dat daar was van vroeg die oggend groepies op die straat. Daar was ook jongmense wat na ander persone wat werk toe wou gaan gegaan het en probeer het om hulle te keer om nie werk toe te gaan nie. Het u sulke verslae gekry? -- Daar was rapporteer dat mense intimideer word om nie werk toe te gaan nie.

Of dit nou intimidasie is en of hulle probeer het om hulle medemens te oortuig om nie werk toe te gaan nie, is iets wat interpretasie nodig het, nie waar nie? -- Korrek.

... / En

En u sal die reg van sekere mense aanvaar om hulle medemens te probeer oortuig om nie werk toe te gaan nie vir ŉ gemeenskaplike doeleinde? -- Volgens my oordeel bestaan daar geen sodanige reg om in die vrye beweging en die vrye handeling van die indiwidu in te meng nie.

Het ŉ mens nie die reg om sy medemens sonder geweld en sonder dreigemente van geweld te probeer oortuig om sekere stappe te neem vir die rede waarom hy dit beskou as ŉ verbetering van die lewe in die gemeenskap? -- Hy het seker ŉ reg om hom te probeer oorreed.

Ek wil aan u stel dat vroeg die oggend voor sonsopkoms die patrolliewaens besig was om sulke groepe uiteen te jaag. Verstaan u wat ek bedoel met groepe? Daar sal ŉ klein groep van mense wees. Party sal probeer - party was van plan om werk toe te gaan en party was besig om hulle te probeer oortuig dat hulle nie werk toe moet gaan nie en hulle is almal uiteen gejaag met sambokke? -- Mag ek net die vraag duidelik kry, dan kan ek antwoord daarop. Was hierdie twee groepe bymekaar in een?

U kan dit verstaan dat daar miskien vier of vyf mense oppad werk toe was vroeg die oggend. Party mense het hulle probeer oorreed om nie werk toe te gaan nie. Patrolliewaens het daar gekom en al die mense wat daar gestaan en praat het, is uiteengejaag met sambokke? -- Ek twyfel, nie as mense gewoonweg staan en praat nie. As die polisiebeampte kon aflei dat mense verhoed word om werk toe te gaan, sou hy optree en moes hy myns insiens optree.

Met ŉ sambok? -- Met ŉ sambok indien nodig.

Laat ek u goed verstaan. U sê dat as daar ŉ groep van drie of vier mense op die hoek van ŉ straat staan en hulle sê aan mense "Julle moenie werk toe gaan nie, kom saam met ons

... / en

en vorm deel van 'n optog", sonder enige dreigement, die polisie die reg het om hulle uiteen te jaag? -- Ek sê nie sonder 'n dreigement nie.

Maar hoe sou die polisieman wat in die voertuig was geweet het of daar dreigemente was of nie? -- Hy sou handel op die gedrag en voorkoms van die persone daarby betrokke.

Wel, laat ek aan u 'n voorbeeld gee. Daar is vyf of ses mense op die hoek en hulle is in die pad van drie of vier mense wat waarskynlik werk toe wil gaan en hulle praat met die mense op die hoek en die mense wat blykbaar werk toe wil gaan, draai nou terug huis toe. Die polisie het nie gehoor wat tussen hulle gesê was nie. Volgens u, het u mense die reg om die mense op die hoek met sambokke uiteen te jaag? -- As hy geen dreigemente gehoor het nie, as daar 'n gewone gesprek gevoer was, nee.

Ek wil dit aan u stel dat u manne besig was om die persone wat probeer het om die ander mense te oorreed om aan die optog deel te neem en nie werk toe te gaan nie, hulle is uiteen gejaag en hulle is aangerand in omstandighede waar hulle nie die reg gehad het om dit te doen nie. -- Weer eens, ek betwyfel dit.

Stem u saam, volgens die getuienis wat u alreeds gegee het dat dit onnodig sou gewees het vir 'n lid van die Mag om so 'n gebeurtenis te rapporteer aan sy offisier en sy offisier aan u? Dit sou onnodig gewees het. -- Nie onnodig nie, maar dit kon gebeur dat dit nie rapporteer was nie.

<u>GETUIE STAAN AF</u>.

<u>HOF VERDAAG</u>. <u>HOF HERVAT</u>.

<u>GERHARD JOHANNES VILJOEN</u>, nog onder eed

<u>KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS</u> (vervolg) : Brigadier, 'n beroep op mense om nie werk toe te gaan nie, is nog een van

... / die

die politieke wapens wat deur Swartmense gebruik word? -- Dit is so.

Dit is nie iets wat nuut is nie, dit is van die jare 50 van tyd tot tyd gebruik? -- Korrek.

Dwarsdeur die land? -- Korrek.

Daar is verskillende redes waarom die - as ek die Engelse woord kan gebruik - "stay aways" plaasgevind het vir verskillende redes? -- Daar is seker.

Organisasies wat vir die "stay- aways" vra, beklemtoon dat hulle die steun van die meerderheid van die mense het. Ek vra u nie of dit so is of nie, maar dit is wat hulle beklemtoon? -- Dit word beweer.

Die owerhede beklemtoon dat mense wegbly omdat hulle deur ander geïntimideer is? -- Dit word beweer, ja.

En die polisie of indiwidue in die polisiemag mag miskien van tyd tot tyd wil bewys dat die owerhede korrek is en die organisasies wat vir "stay-aways" vra verkeerd is? -- 'n Stelling waarop ek nie 'n mening kan waag nie.

Ek sal dit nie verder neem nie. Dit is genoegsaam vir my doeleindes.

Ek wil aan u stel dat lede van u Mag op die betrokke oggend van 3 September wou bewys dat as daar sukses vir die wegbly-oproep was, dat dit deur intimidasie was, omdat dit die mening van die owerhede is? -- Nee, ek sou nie daarmee saamstem nie. Ons het geen wegbly-aksie probeer bekamp nie. Dit was nie die rede vir ons teenwoordigheid daar nie. Ek weet egter uit ondervinding dat wanneer daar 'n onlus plaas nd die busse die eerste skyf van die oproeriges is. Dit gebeur net so.

Wanneer het u vir die heel eerste keer enige verslag gekry dat die paaie versper word? -- Op die aand van die 2de met my aankoms te Sebokeng.

... / Was

Was die paaie in Sebokeng versper? -- Nee.

Van wat se versperring het u op die 2de gehoor? -- Versperring van paaie in Bophelong, Boipatong sowel as Sharpeville.

Hoe laat het u daardie inligting gekry? -- Dit was na my aankoms op Sebokeng. Ek het 23h30 die aand van die 2de te Sebokeng arriveer.

Hoe lank na u aankoms daar? -- Die verslag per radio, ek het nie op daardie tydstip na minute en tye gekyk nie, maar dit was kort na my aankoms. Ek het ook daardie toneel waaroor ek reeds getuig het in Bophelong besoek en self ondervind dat daardie paaie versper was.

As die paaie wel versper was, sou hulle die privaat voertuie soos taxi's, vir die privaat eienaars van voertuig dit moeilik gemaak het om werk toe te gaan die volgende oggend? -- Beweging sou moeiliker wees van enige voertuie.

Die naam Moselane of eerwaarde Moselane, het dit iets vir u beteken op 2 September? -- Die persoon was op daardie stadium glad nie aan my bekend nie.

Die bushalte te Sharpeville waarheen u gegaan het op die oggend van die 3de - het u nie na 'n bushalte toe gegaan nie? -- Ek het nie na 'n bushalte toe gegaan nie.

Of busterminus? -- Sharpeville?

Ja? -- Nee.

Ek het u miskien nie goed verstaan nie. Hoe laat het u te Sharpeville gekom? -- Net na 06h20 die oggend van die 3de.

Dit is nie vir ons duidelik volgens u getuienis of u net in een voertuig beweeg het en of daar ander voertuie in 'n konvooi saam met u voertuig beweeg het nie? -- Ek het in 'n enkele voertuig beweeg.

Saam met een ander persoon? -- Saam met een ander persoon.

... / Wie

Wie was dit? -- Dit was luitenant Du Plooy.

Was dit in Seeisostraat? -- Dit was in Seeisostraat.

Vir hoe lank en in watter rigting het u in Seeisostraat gery toe u in hierdie enkele voertuig gery het? -- Ek het beweeg van die ingang van Sharpeville. As ek die rigting moet neem reken ek dit was noord na suid.

En vir hoe lank? -- Vir plus-minus ŉ uur.

Watter afstand het u gery gedurende daardie tydperk? -- Min of meer vyf kilometer.

Hoeveel groepe min of meer sou u sê het u beide kante van die straat gesien gedurende u reis? -- ŉ Mens kan nie die groepe tel nie. Die straat was vol mense.

Wie was in bevel in Sharpeville toe u daar gekom het? -- Majoor Louw.

Hoeveel voertuie was daar onder sy beheer? -- Ek weet nie.

Het u na ŉ uur teruggedraai en weer in ŉ noordelike rigting gery en teruggegaan tot waar u begin het? -- Nee.

Waarheen het u gegaan? -- Om 07h20 het ek gegaan na die huis van raadslid Dhlamini.

Ek wil vir u vra omtrent die gebeurtenis gedurende hierdie uur wat u gery het vir ongeveer vyf kilometer. Het u taamlik stadig beweeg? -- Ek het stadig beweeg.

Is dit omdat die pad versper was? -- Die pad was versper en ek moes by verskillende geleenthede myself verdedig teen aanvalle deur klipgooiende persone op daardie straat.

Op watter manier het u uself verdedig? -- Deur die aanwending van traanrook en rubberpatrone.

Hoeveel blikkies traangas het u gebruik? -- Ek het dit nie getel nie.

HOF : Die traanrook, is dit met traanrookpatrone of is dit met houers? -- Daar is twee tipes. Ek het traanrookpatrone

... / gebruik

gebruik.

MNR. BIZOS : Wat was u doel om traangaspatrone te gebruik? Het u gehoop dat die mense weg sou gaan? -- Dit was die idee om skares daarmee uiteen te dryf en dat die mense dan van die straat sou weggaan.

Hoeveel rubberkoeëls was gebruik? -- Ek het dit ook nie getel nie.

Wie het die voertuig bestuur? -- Luitenant du Plooy het bestuur.

En u self het die traangas en rubberkoeëls afgevuur? -- Hy ook en ekself.

Terwyl die voertuig vorentoe beweeg het? -- Nee, ons het stilgehou by geleenthede dat ons opgetree het.

Is een of ander van u beseer? -- Ons is nie beseer nie. Ons voertuig is raakgegooi.

Hoeveel skade is aan u voertuig gedoen? -- Verskeie klipmerke op hom.

Hoeveel skade? -- Ek is nie 'n motorwerktuigkundige of 'n kenner van paneelklopwerk nie.

Is enige van die vensters stukkend gegooi? -- Die vensters was met draad beskerm. Dit was nie stukkend nie.

Toe u vir die eerste keer na die skare gevuur het, het hulle weggegaan of nie? -- Dit was deurlopend die geval dat hulle weggaan en dan weer groepeer - net uiteen beweeg en dan weer groepeer.

Voor u die reis onderneem het, die vyf kilometer reis, was daar enige persoon se lewe in Seeisostraat in gevaar gestel? -- Daar was.

Wie s'n? -- Daar was eerstens hewige aanvalle op busse wat enige insittende van daardie bus of enige persoon wat dan op 'n busstop was se lewe in gevaar sou stel. Ek het

... / polisiebeamptes

polisiebeamptes in Seeisostraat gekry met 'n voertuig waarop die aanval so hewig was dat ek hulle aangesê het om met daardie voertuig uit die gebied uit te beweeg, aangesien dit nie meer langer beskerming aan die mense binne-in sou kon verleen nie.

Het u enige inligting gehad of dit nou net een groepie mense op een besondere plek was wat verantwoordelik was vir daardie skade of was al die mense in Seeisostraat verantwoordelik vir daardie skade was? -- Al die mense wat ek in Seeisostraat hanteer het, was gewelddadig of dreigend. Dit was my persoonlike ondervinding.

Hoeveel duisend mense sou u sê het aan beide kante van die straat gestaan gedurende die vyf kilometer reis van u? -- Daar was nie duisende nie. Volgens 'n skatting met my deurbeweging sou ek sê tussen vyf- en seshonderd mense waarmee ek self te make gehad het.

Toe u die traangaspatrone gebruik het en die rubberkoeëls, is enige persoon getref? -- Met die rubberkoeëls het ek direk na persone gevuur en daar is van hulle getref.

Van watter afstand is die rubberkoeëls deur u gevuur? -- Ek skat plus-minus honderd meter.

Stem u saam dat 'n rubberkoeël die dood kan veroorsaak? -- Dit kan, maar nie op daardie afstand nie.

Was dit nie u ondervinding dat traangas baie "onskuldige" mense affekteer nie? -- Dit is so en my persoonlike aanwending daarvan is om dit nie te gebruik tensy daar 'n algemene onlussituasie heers, soos wat wel in Sharpeville geheers het nie.

Persone wat nie in enige klipgooiery betrokke was nie, is deur die gas geaffekteer? -- Ek erken dit, dit is moontlik.

Wat bedoel u met die uitdrukking "klipgooi-afstand"? -- Dit is sover as wat 'n persoon met 'n klip kan gooi.

Wat is dit? Ek weet nie of die ander mense in die hof

... / ondervinding

ondervinding het nie. -- Dit kan wissel. Sommige persone kan verder ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

In die algemeen? -- Enigiets van tussen 50 tot 70, 80 meter.

So ver as dit? -- Hulle kan so ver gooi, ja.

Ek verstaan dat 'n persoon baie fiks en baie ondervinding moet hê om 'n klip verder as 35 tot 40 meter te gooi? -- Ek stem nie saam nie.

Maar u het gesê dat u het gevuur toe u binne klipgooi-afstand gekom het? -- Dit was toe klippe my voertuig getref het, ja. Ek het nie voor die tyd gevuur nie.

By hierdie geleentheid het busse in die teenoorgestelde rigting gery of nie? -- Daar was geen busse op daardie straat nie.

En was klippe gegooi na enigiets behalwe u voertuig? -- Daar was niks anders in die straat om na te gooi nie.

Het u geweet dat die teenwoordigheid van die polisie in so 'n situasie en nogal in 'n enkele voertuig wat op die skare vuur, mense in die algemeen baie kwaad maak? -- Dit is seker moontlik.

Waarom het u nie teruggedraai nie? -- Sou dit van my as polisiebeampte verwag word om nie my taak te doen nie, dan moes ek terugdraai. Andersins is ek daar vir die beskerming van lewe en eiendom. Daar was reeds eiendom beskadig, lewens is bedreig en dit is seer sekerlik my plig as polisiebeampte om te probeer om wet en orde te herstel en beskadiging van eiendom en verlies aan menselewens te probeer voorkom.

Maar as u voertuig die enigste teiken was op daardie stadium en u optrede nie die skare uiteen gejaag het nie, wat was die rede vir die vyf kilometer reis? -- Ek het tog uiteindelik die skare van die straat af gekry. Na ek deurgewerk het deur die straat was hy skoon.

... / Vir

Vir hoe lank? -- Ek het daarna verskeie kere deur Seeiso-straat beweeg en ek was nie weer aangeval nie. Ek kan nie vir u sê hoe lank nie. U moet seker waardering daarvoor hê dat in so 'n toestand 'n algemene beweging van mense deur en oor gebiede is.

Waarheen was u op pad? -- Op daardie geleentheid?

Toe u die vyf kilometer reis onderneem het? -- Ek het diens verrig in Sharpeville, algemene patrollie en ek moes aandag skenk aan enige voorval wat rapporteer sou word. Ek was nie na 'n spesifieke punt of plek op pad nie.

Ek wil aan u stel dat terwyl u besig was gedurende die geleentheid om traangas en rubberkoeëls te gebruik, ander lede van die Mag op verskillende plekke in Sharpeville dieselfde gedoen het aan mense wat aan die kante van die straat was? -- Aan mense wat hulle aangeval het. Ja-nee, ek het verskeie sulke verslae gekry.

En dat traangas op 'n manier gebruik was, byvoorbeeld na die huis van beskuldigde nr. 3 en in die rigting van sy kerk? -- Dit sou nie doelbewus op huise gevuur gewees het nie, maar dit kon daar beland het.

Ek is gesê dat dit nie heeltemal reg is nie. Origens in die rigting van die kerk? -- Dit kon gebeur het.

Dit sou 'n effek gehad het op mense wat geen part gespeel het in 'n klipgooiery nie? -- Ek het reeds gesê dat traanrook affekteer mense buite daardie prentjie ook. Dit is so, dit gebeur.

Wanneer is die eerste verslag aan u gedoen in verband met die eerste dood van enige persoon in Sharpeville op die 3de? -- Dit was gedurende die namiddag van die 3de.

Kan u onthou min of meer hoe laat dit was? -- Ek dink om ongeveer tussen 15h00 en 16h00. Dan praat ek nie van die

... / dood

dood van raadslid Dhlamini nie.

Het u nie so 09h00 se kant van 'n dood gehoor in Sharpeville nie? -- Nee.

Wat is donshael? -- Bird-shot.

Is dit as skerp ammunisie beskou? -- Nee.

So, kon lede van die polisie donshael gebruik sonder om dit te rapporteer? -- Nee, glad nie.

En as 'n persoon met donshael ernstig beseer of gedood is, was dit nodig om dit aan u te rapporteer? -- Vir seker.

En u is seker u het niks daarvan gehoor nie? -- Nie vroeg in die oggend nie.

Waar was kaptein Steyn die oggend besig? -- Hy was vir 'n gedeelte van die oggend in Sharpeville en daarna in Sebokeng.

Kan u onthou hoe laat hy van Sharpeville af weg is? -- Dit was in die namiddag. Hy was op pad die oggend uit Sharpeville toe hy op 'n motorhawe afgekom het wat aan die brand was en dit het veroorsaak dat hy daar aangebly het.

Het u enige van die groepe wat u in Seeisostraat gesien het gedurende die vyf kilometer reis gewaarsku om weg te gaan? -- Ek het nie. Ek het in noodweer opgetree en myself verdedig teen aanvalle.

Na u die eerste keer aangeval is en voor u binne klipgooi-afstand gekom het van die volgende groep, waarom het u hulle nie gewaarsku om van die straat af weg te gaan nie? -- Daar was nie geleentheid nie, waar jy 'n vaste skare gehad het, waar jy kon stelling inneem en met die mense kommunikeer nie.

Dit het soveel keer gebeur dat u nie kan onthou hoeveel keer dit gebeur het nie? -- Ek het reeds getuig. My optrede was deurlopend. Ek het getuig dat die straat was van bo tot onder vol mense. Ek moes onmiddellik na die een optrede, as ek beweeg, dan word daar weer na ons gegooi en dan moes ek

... / weer

weer optree. Ek moes die straat skoon kry.

Maar voor 'n senior polisie-offisier geweld gebruik om 'n straat skoon te kry, is dit nie sy plig om die mense te probeer oortuig om die straat skoon te maak nie? -- Nie te midde van aanvalle op jouself nie.

Maar die aanval was op u. Dit was u getuienis, op u voertuig? -- Korrek.

Voor u by hulle gekom het om hulle in staat te stel om klippe na u voertuig te gooi, waarom is hulle nie gewaarsku om weg te gaan nie? -- Ek kon dit nie doen nie. Sou ek stilhou, sou dieselfde gebeur. Daar was absolute beweging. U sal merk dat ek op die eerste geleentheid dat die skare so was dat ek die gebruiklike waarskuwing kon rig, dit gedoen het.

As daar 'n kleiner skare gewees het, ek stel dit aan u, was dit u plig om hulle te waarsku om hulle te probeer uit u pad kry? -- Ek stem nie saam nie.

Was die rede vir u optrede miskien omdat u wou gehad het dat die busse weer moet begin ry sodat mense werk toe kon gaan? -- Nee. Op daardie stadium was die busse reeds onttrek en het op my versoek onttrek.

Sal u saamstem dat die antagonisme in die skare geprikkel was deur die polisie? -- Nee.

Sê u dat die gebruik van traanrook en rubberkoeëls nie antagonisme prikkel nie? -- Toe daardie middele aangewend was, was die skare reeds oproerig, reeds gewelddadig, daar was reeds aanvalle geloods. Ek kon nie sien hoe die polisie hierdie oproerigheid verder kon aanstig of hoe ons dit kon hanteer en na normaal toe terugbring anders as weer op te tree nie.

In elk geval, sal u saamstem, u het nie as gevolg van daardie optrede van u dit weer na normaal gebring nie? -- Ons het tog.

... / Ek

Ek wil u vra in verband met die gebruik van 'n sekere woord. U het gesê dat "toe ek kontak met die skare gemaak het." Dit is mos die taal van oorlog, is dit nie? -- Dit is nie so bedoel nie. Daarmee bedoel ek dat toe ek binne bereik was of ons praat in Afrikaans van in kontak kom, wanneer ons bymekaar kom.

Stem u nie saam dat kontak is 'n woord wat in 'n oorlog-situasie gebruik word nie? -- Nee, nie noodwendig nie. Dit kan daarin gebruik word.

Hoeveel mense is gedurende u reis deur die vyf kilometer verwond?

HOF : Verwond deur optrede van die kant van die getuie of deur ander mense wat per ongeluk raakgegooi is deur klippe? Wat bedoel u?

MNR. BIZOS : Is iemand behalwe u voertuig raakgegooi met klippe? -- Nee, nie waarvan ek kennis dra nie. Daar kon persone wees wat getref is.

Nee, hoeveel is gewond as gevolg van u optrede? -- Gewond nie, beseer ja, moontlik. Nie waarvan ek kennis gedra het nie.

Sê u dat 'n rubberkoeël nie 'n wond veroorsaak nie? -- Nie op die afstand waarop ek dit gebruik het nie.

Het u probeer vasstel hoeveel mense wel beseer is? -- Sou daar 'n persoon gelê het, sou ek die nodige gedoen het. Ek het niemand sien val nie. Ek het niemand sien lê nie. Dit is vir my onmoontlik om vas te stel.

Kan u vir ons sê hoeveel rubberkoeëls of skerp ammunisie gebruik is te Sharpeville tussen 06h30 tot 09h00?

HOF : Rubberkoeëls is nou nie skerp ammunisie nie.

MNR. BIZOS : Skerp ammunisie of rubber koeëls? -- Ek kan nie uit my kop vir u dit sê nie. Sover skerp ammunisie aangaan het ek na 09h46 opdrag gegee dat dit gebruik kan word. Nie

... / voor

voor dit nie.

Het u geweet dat die UDF of enige organisasie 'n kantoor in Sharpeville gehad het of nie, of 'n geaffilieerde organisasie? -- Dit is nie in my deel van die werk nie. Ek het wel kennis geneem dat daar so 'n organisasie bestaan, maar waar die kantore of sub-kantore daarvan bestaan het of sou bestaan het, weet ek nie.

Sal u asseblief vir ons probeer sê van die honderde mense wat u daar gesien het die oggend toe in Seeisostraat deur u gery is hoeveel van die mense UDF T-hempies gedra het, as u kan? -- Ek kan nie.

En kan u nie sê of dit drie of vyf of tien was nie? -- Die mense het beweeg. Jy het telkens maar daardie T-hempies opgelet, maar ek glo geen persoon sou in daardie beweging 'n skatting kon maak van die hoeveelheid daarvan nie.

Dit is nou dieselfde met die COSAS en die ander T-hempies met die ander voorletters daarop? -- Korrek.

Ons kon nie ooreenkom of u van AZASO of AZASUM gepraat het nie. Watter een was dit? -- Daar is AZAPO en AZASO.

HOF : Sê u daar was twee soorte hemde, AZAPO en AZASO? -- Azanian People's Organisation, Azanian Students' Organisation dink ek is die name daarvan.

MNR. BIZOS : Ek is gesê dat daar deur AZAPO net een T-hemp in Sharpeville verkoop voor hierdie dag? -- Ek sal nie weet nie.

HOF : Was dit as gevolg van die ontwerp wat nie aantreklik was nie of as gevolg van die prys?

MNR. BIZOS : Ek weet nie. AZASO is mos 'n organisasie van die studente van die universiteit? -- Dit is 'n studente-organisasie.

In Septembermaand is hulle besig om te leer en nie rond te

... / loop

loop nie. Dit is as hulle 'n bietjie werk begin doen vir die eksamens? -- Ek sal nie weet of almal daar is en of almal studeer nie, maar wat ek wel ook weet is dat in Swartgeledere van studente gepraat word vanaf die skoolkind tot by die student.

Ja, dit mag wel voorheen so gewees het, maar ek is gesê daar is 'n verskil tussen studente en skoliere. -- Dit is nie my ondervinding nie en voorts is dit nie my ondervinding dat T-hempies noodwendig beperk is nie.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Wat bedoel u met beperk is? -- Wat ek daarmee bedoel is dat T-hempies nie noodwendig deur daardie studente van daardie groep gedra sou word nie.

MNR. BIZOS : Die jonger of ouer broer of vriend kan dit ook dra? -- Korrek, enige persoon.

HOF : Op hierdie geval van toepassing "Ek moet vandag eksamen skryf, dra jy my T-hemp."

MNR. BIZOS : Ek gaan nou weg van die 3de af tot na 'n latere datum. Kan u onthou of op 'n later datum die mense van Sharpeville met 'n priester wou gepraat het?

HOF : Hoe ver is ons nou weg van 3 September?

MNR. BIZOS : Op 3 September. Kan u onthou dat mense gevra het dat hulle die moruti wil sien?-- Nie dat hulle hom wou sien nie. Dit was net voor die onderhandeling by die raadskantore dat toe die afvaardiging van die skare saamgestel is, aan my gesê is dat die skare 'n sekere persoon, wat hulle dan ook moruti Moselane of eerwaarde Moselane genoem het graag teenwoordig wou hê by die samesprekings.

Kan u onthou of u hulle gevra het "Maar wie is die eerwaarde Moselane en waar kan ons hom kry?" -- Ek het gevra waar hy gekry kan word.

En wie hy is? -- Ek kan nie onthou dat ek spesifiek gevra

... / het

het wie hy is nie.

Ek wil dit aan u stel dat dit geblyk het op die 5de dat u niks van eerwaarde Moselane geweet het nie. U wou uitvind wie die persoon is wat miskien die vrede kan herstel en waar hy gevind kan word? -- Ek het geen navraag gedoen omtrent die persoon nie. Ek het gevra waar daardie persoon gekry kan word sodat ek hulp kon aanbied.

In elk geval, tot en met die 5de het u geen kennis gedra van wie eerwaarde Moselane was nie? -- Ek het nie.

Kan u onthou of u sy naam voorheen ooit gehoor het? Dit is voor die 5de? -- Ja, ek het daardie naam op plakkate gesien, maar ek het dit nie gehoor nie.

U sien, ek wil - ons kon nie instruksies kry of mense sy naam op plakkate gesit het of nie, op die 3de ... -- Ek het dit gesien.

Waar? -- Dit was tydens die kontak met die skare in Seeisostraat.

Hoeveel keer het so 'n plakkaat gesien? -- Ek het daardie plakkaat een keer gesien tussen daardie skare.

Een plakkaat een keer? -- Ja.

Kan u vir ons sê min of meer waar in Seeisostraat? -- Nee, dit was kort na ek Seeisostraat binnegegaan het.

U het ook gesê dat u 'n ander plakkaat gesien het. Laat ons die ander een uitlaat vir 'n oomblik, maar u het vir Sy Edele gesê daar was 'n plakaat "We will kill Dhlamini"? -- Eintlik was die bewoording "Kill Dhlamini".

Nie "We will kill Dhlamini" nie? -- "Kill Dhlamini".

Was dit 'n fout toe u gesê het dit was "We will kill Dhlamini"? --

MNR. JACOBS : Ek kan miskien net help, die getuie het dit later self reggestel en gesê "Kill Dhlamini".

MNR. BIZOS : Ek sal dit so aanvaar. Hoeveel keer het u so 'n plakkaat gesien? -- Daardie plakkate was almal met die eerste geleentheid dat ek met hierdie skare in verbinding was. Dit het vir my voorgekom asof hulle daarmee op pad was iewers heen.

U het net een so 'n plakkaat gesien? -- Dit is reg.

Waar was dit min of meer? -- By daardie selfde toneel. Dit was 'n hele paar plakkate, soos ek dit genoem het wat bymekaar was.

Was dit 'n gedrukte plakkaat of tuisgemaak? -- Tuisgemaak op karton geskryf, gewone karton met swart pen.

Het u die persoon wat die plakkaat gehad het miskien met 'n rubberkoeël geskiet? -- Nee, ek het nie op daardie stadium op die persoon gemik of geskiet nie.

Hoe groot was die skare waarin die persoon was wat die plakkaat gehad het? -- Soos ek reeds getuig het, jy kon nie besondere skares uitsonder nie. Dit was in Seeisostraat hierdie aaneenlopende mengelmoes wat daar was.

Het hy alleen geloop of gestaan of was daar ander mense in sy geselskap? -- Die persone wat die plakkate gehad het, het deel gevorm van 'n groepie.

En hoe groot was daardie groep? -- Ek het nos reeds gesê ek het nie groepe uitgesonder nie. Seeisostraat was vol mense gewees.

Was dit voor enige klippe na u motor gegooi was? -- Ja, dit was terwyl ons nader beweeg het.

Het u of die luitenant probeer om die persoon te arresteer?-- Ek het nie en die luitenant het ook nie.

Het u geweet wie Dhlamini was? -- Nee, ek het nie.

Het u dit as aanhitsing vir die moord op 'n spesifieke persoon beskou? -- Dit kon so wees.

... / Het

Het u enige waarskuwing gegee? -- Ek het nie.

Het u probeer om van enige persoon per radio wat die plaaslike mense ken uit te vind wie die teiken Dhlamini mag wees? -- Daar was nie geleentheid nie. Ek moet dit baie duidelik aan die Hof stel dat daar voortdurende beweging was, dat daar ŉ toestand geheers het waarin jy nie geleentheid het om ŉ lang reeks navrae te doen omtrent wie wat is nie. Ek wil dit baie duidelik stel daar was nie tydsafstand nie. Dit was ŉ kwessie van dat jy beland in ŉ situasie waar jy moet optree en waar jy verslae ontvang. Dit is nie soos wat ek en u nou hier staan dat ons kan praat met mekaar nie.

Het u enige beskrywing aan enige persoon gegee daarna van die persoon wat die plakkate gedra het? -- Ek het nie.

Maar u moes seer sekerlik kort daarna vasgestel het dat die ongelukkige Dhlamini wat seer sekerlik op die plakkaat genoem was vermoor was? -- Ek het dit vasgestel.

Het u tot hierdie gevolgtrekking gekom daarna dat dit heel waarskynlik na dieselfde Dhlamini verwys het wat u probeer het kort nadat u hierdie plakkaat gesien het? -- Dit is noodwendig die afleiding.

En ŉ beskrywing van die persoon wat die plakkaat sou gehad het, sou baie belangrike getuienis gewees het ten opsigte van die moord op mnr. Dhlamini? -- Dit sou wees as ek ŉ behoorlike beskrywing kon gee.

As u genoeg tyd gehad het om die skrif op die plakkate te lees en te onthou wat dit was, waarom kon u, ŉ senior polisiebeampte, nie probeer het om ŉ beskrywing aan die ondersoekbeampte te gee nie? -- Ek kon nie ŉ beskrywing gee nie.

Het u ŉ verklaring gemaak in verband met die saak waarin wyle mnr. Dhlamini die oorledene was? -- Ek het nie ŉ verklaring gemaak nie.

... / En

En geen ander stappe geneem in verband met die, wat ek sal beskryf, belangrike stuk getuienis nie? -- Ek het nie.

U sê dat party mense stokke gehad het? -- Dit is so.

Hoeveel stokke sou u sê was daar? -- Dit is weer eens onmoontlik om dit te sê.

Die getuienis tot dusver is dat behalwe die klipgooiery wat van tyd tot tyd plaasgevind het, die skare in die algemeen nie gewapen was nie. Is dit so?

MNR. JACOBS : Daar is getuienis dat daar pangas was en ook kieries.

MNR. BIZOS : Ek sal die vraag anders stel. Sal u sê dat as daar wel stokke was, dit nie 'n merkwaardige aantal stokke was nie? -- Daar was nie 'n massa stokke nie. Dit was waarneembaar.

U het daarna as gevolg van 'n rapport na mnr. Dhlamini se huis gegaan? -- Korrek.

Hy het geweier om na 'n veilige plek geneem te word? -- Dit is korrek.

Het u hom gewaarsku dat u 'n plakkaat gesien het waarop mense aangeraai was dat hy doodgemaak moes word? -- Ek het dit nie gedoen nie.

Is daar enige rede waarom u dit nie gedoen het nie? -- Dit was reeds duidelik dat daar aanvalle op hom was. Om baie eerlik te wees, in daardie omstandighede het ek werklik nie eers daaraan gedink nie.

Hoe ver is die plek waar u die plakkaat gesien het tot by wyle mnr. Dhlamini se huis? -- Ek kan moeilik skat, maar dit mag tussen twee - twee kilometer wees.

Hoe lank nadat u die plakkaat gesien het, is u na mnr. Dhlamini se huis toe? -- Dit was plus-minus 'n uur later.

As u oortuig was dat daar verdere pogings aangewend sou word om mnr. Dhlamini dood te maak, sou u nie aangedring het

... / daarop

daarop dat hy moet weggaan nie? -- Ek het daarop aangedring.

Maar hy het nie geluister nie? -- Hy het geweier. Ek het hom daarop gewys dat verdere aanvalle mag plaasvind.

Het u enige lede van die polisie gevra om spesiale aandag aan die huis te gee? -- Ek het dit self gedoen. Ek het daar in die omgewing patrolleer. Ons moes die huis juis verlaat as gevolg van aandag wat elders geskenk moes word.

Was u, toe u na mnr. Dhlamini se huis toe gegaan het, nog alleen? -- Ek vergesel van luitenant Du Plooy.

Die enigste voertuig? -- Nee, nie die enigste voertuig nie.

By Dhlamini se huis? -- Ek het getuig dat toe ek by die huis opgedaag het daar reeds voertuie was wat aandag geskenk het.

Ek kan dit nie onthou nie. In daardie omstandighede het u lede van die polisie gevra om daar te bly vir die veiligheid van mnr. Dhlamini? -- Ek het nie, vir die eenvoudige rede dat daar nie voldoende polisiebeamptes was om daar te bly nie.

Hoeveel plakkate was daar wat gesê het "Away with high rents"? --Ek het ook net een gesien.

K205 En "Councillors must resign"? -- Dieselfde.

So, daar was, volgens u getuienis, vyf plakkate met verskillende bewoording daarop? -- Ja.

Kan u vir ons sê of enige polisiebeampte voor 09h00 gewond of aangerand was.

HOF : In Sharpeville of oor die hele gebied?

MNR. BIZOS : Laat ons met Sharpeville begin. -- Daar was.

Wie? -- Sersant Prinsloo.

Hoe ernstig was hy beseer? -- Hy was met 'n klip op die keel gegooi en hy was per helikopter verwyder uit die gebied uit na 'n hospitaal toe.

... / Wanneer

Wanneer was dit? -- Dit was voor 09h00. Ek kan die tyd nie presies onthou nie.

En waar het dit gebeur? -- In Sharpeville.

En die ander dele van die Vaal Driehoek? -- Ek kan onthou dat van die lede van die honde-eenheid in Sebokeng ook deur klippe getref en beseer was.

Hoe laat en wanneer? -- Ek weet nie watter tyd dit was nie. Dit was op die 3de.

Is u seker - was dit mnr. Prinsloo wat u genoem - dat dit voor 09h00 was? -- Ek is nie doodseker nie, maar ek dink dit is so.

Hoe laat het die eerste helikopter na die gebied gekom? -- Ek kan die tyd nie gee nie. Ek weet nie.

U is ook na mnr. Radebe se huis ongeveer 09h00? -- 09h25.

Weet u hoeveel mense dood is op die 3de in die hele gebied? -- Nee.

As ek aan u stel dat daar ten minste dertig persone gedood is op die 3de, sal u in staat wees om dit te erken of te ontken? -- Ek sê weer, ek weet nie. Ek het probeer vasstel wat die - wat dit was en die inligting word as sulks behandel dat ek dit nie kan openbaar nie.

Hoeveel mense is gedurende daardie dag gewond of beseer wat mediese hulp nodig gehad het? -- Ek weet nie.

Is daar enige rede wat u aan die Hof kan voorlê waarom die inligting nie beskikbaar is nie? -- Ek persoonlik kan geen rede voorlê nie. Dit was as geprivilegeerde inligting behandel.

Is u antwoord dat u nie weet nie of nie in staat is om die syfers aan die Hof te gee nie? Of is u in staat om dit te gee, maar u voel dat dit geprivilegeerd is en is nie in staat om dit te gee nie?

HOF : Wil u hoorsê getuienis by die getuie kry? Want dit

... / val

val nie op sy gebied nie? Hoe moet ek kennis neem van wat hy my ook al vertel as hy nie eerstehandse kennis daarvan het nie?

MR. BIZOS : Even it it is hearsay we submit ... (Court intervenes)

COURT : If it is hearsay, can you force the witness to give me hearsay evidence which is irrelevant in this case?

MR. BIZOS : It is not irrelevant with the greatest respect.

COURT : He says "I do not know and I attempted to find out and it was stated to me it is privileged."

MNR. BIZOS : Is u antwoord dus dat u nie weet nie? -- Ek het nie die ondersoeke waargeneem nie en ek weet nie.

En as ek aan u stel dat ongeveer dertig persone dood is op die 3de en honderde persone beseer is as gevolg van die aksie van die polisie, sal u in staat wees om dit te erken of te ontken? -- My oordeel sou wees dat dertig persone gedood 'n redelike syfer is. Ek sal daarmee kan akkoord gaan na aanleiding van die gebeure in die gebied. Dat honderde persone beseer is, het ek sterk twyfel oor.

Het dit tot u kennis gekom dat op hierdie dag jong mense geskiet is? Kinders geskiet is?

HOF : Definieer net 'n kind, asseblief, mnr. Bizos?

MNR. BIZOS : Wise Knisi, 'n 9-jarige oue kind, is hy dood? -- Ek weet nie. Ek ken nie die name nie.

Hy is met 'n haelgeweer beseer wat tot sy dood gelei het. -- Ek weet nie daarvan nie. Dit is wel moontlik.

Ook dat Alina Mnyanda, 'n 50-jarige oue - 'n 15-jarige oue dogter ook geskiet is. Dra u kennis daarvan? -- Ek wil graag herhaal dat ek nie die ondersoeke waargeneem het nie, dat ek derhalwe nie spesifieke persone se name onthou nie, maar dat dit moontlik is.

... / En

En dat Wise Mnisi om 08h00 die oggend geskiet was van die 3de? -- Ek sou daarvan - as die verdediging vir my kan sê watter gebied?

Gebied 12 in Sebokeng? -- Dit is moontlik. Ek was nie op die 3de in bevel van Sebokeng nie en ek sal derhalwe moeilik van daardie spesifieke voorvalle kennis dra. So 'n berig mag my bereik het, maar dat 'n mens nie persoonlike name onthou van en voorvalle in gebiede waar jy dan nou nie self persoonlik betrokke is nie.

En Alina ongeveer 10h00 ook op die 3de in Zone 7B in Sebokeng? -- Dit is moontlik.

Sal u saamstem dat die jeugdigheid van die gemeenskap waar die twee kinders doodgeskiet is, sou die kinders as onskuldig beskou word? -- Hulle sou seker.

En dit sou 'n soortgelyke reaksie as die van Hector Peterson in Soweto gehad het in 1976? -- Enige dood van 'n kind sou gemoedere en emosies opsweep. Ek kan nie daardie emosies vergelyk met die in Soweto nie. Ek kan nie sê tot hoe 'n mate dit sou gebeur nie.

Ons weet ook van ten minste 'n ander saak waar 'n jong man in die omgewing van Caeser Motjeane se huis dwarsdeur die bors met 'n koeël gewond was? -- Dit is moontlik.

En dat dit ook, as ek reg onthou, voor 09h00 die oggend van die 3de gebeur het? -- Ek het geen verslae dat enige skerp ammunisie, soos ek dit aan die Hof gestel het, voor 09h00 gebruik was nie.

HOF : U behoort aan die getuie te stel dat daardie koeël waarskynlik uit die vuurwapen van Caeser Motjeane of sy maat afkomstig was en nie van die polisie nie.

MR BIZOS : I cannot recall that. Then I will leave that example out.

... / HOF

HOF : Om korrek te wees moet u dit stel aan die getuie.

MNR. BIZOS : Dit lyk asof dit deur Motjeane se geweer gedoen was? -- Ek is bewus daarvan dat raadslede wel met skerp ammunisie hulleself verdedig het, soos ook reeds getuig in die geval van Dhlamini.

Die dood van jong Wise Mnisi en die dood van Alina Mnyanda sou sekerlik die gerugte tot gevolg gehad het dat die polisie besig was om jong kinders dood te skiet? -- Daar kon seker sodanige gerugte ontstaan het.

Om heeltemal regverdig te wees, was die situasie sulks dat u self miskien nie eers daarvan geweet het nie of dat persone maar geskiet word en die polisie sou nie geweet het kort na die gebeurtenis dat die dood wel plaasgevind het nie? -- Dit het so gebeur, ek het gister so getuig ook, dat ek op 'n geleentheid kon sien dat twee persone met 'n haelgeweer getref was, maar dat hulle tussen die skare in verdwyn het. Dit kon in hierdie geval ook gebeur het dat - daar het ook gevalle voorgekom waar die lyk van persone later in die dag gevind is. Dit is moontlik.

Sal dit reg wees om dit aan u te stel dat u het geen kommunikasie gehad met die inwoners sodat u kon hoor wat hulle hoor, hoe hulle voel en wat hulle kennis van die situasie was nie om stappe te neem om u te help, om die korrekte stappe te neem? -- Die vraag is nie vir my duidelik nie. Bedoel u voor die 3de?

Ja, wel dit was twee vrae. Laat ons dit een vir een neem. U was nie in staat om enige persone in die gemeenskap mee te kommunikeer nie? -- Ek het nie met persone kommunikeer nie.

En u is nie in staat om aan die Hof te sê wat se effek wat daar mag gewees het op die gerugte wat daar mag

... / gewees

gewees het ten aansien van die dood van die 9-jarige oue kind in Sebokeng, Sharpeville, Boipatong en Bophelong kort na 08h00 nie? -- Ek verstaan die stelling nie. Ek glo nie daar was kort na 08h00 persone gedood nie. Ek dink die geleerde verdediging het gesê na 09h00.

Die gerugte was na 09h00. Die tyd van die dood van die seun is as 08h00 gegee en die dogter 10h00. -- Die dood van enige persoon het 'n opwelling van emosies tot gevolg. As ek nie weet onder watter omstandighede dit plaasgevind het nie, is dit vir my uiters moeilik om 'n gevolgtrekking te maak.

Is u in staat om te erken of te ontken dat kort na 08h00 in die oggend die gerugte in die gemeenskap was dat die polisie besig is om die kinders dood te skiet? -- Ek het nie kennis geneem van daardie gerugte nie.

MNR. JACOBS : Op daardie stadium was dit net een jong persoon blykbaar wat beweer word en nie kinders nie. Die ander een is na 10h00.

MNR. BIZOS : Laat ek dit so aan u stel. Die gemeenskap en miskien mense wat vir propagandadoeleindes sekere gebeurtenisse wil bekend maak, gebruik nie taal wat heeltemal korrek is nie. As daar een gedood is, sal dit gerugte in die rondte laat versprei? -- Ek weet dat gerugte versprei word, maar hoe dit versprei gaan word, weet ek nie. Dit kan ek nie aan die Hof sê nie.

U sien, ek wil aan u stel dat volgens die geregtelike doodsondersoeke wat wel gehou is, lyk dit of lede van die polisie en die ondersoekbeampte nie eers geweet het waarvandaan sekere lyke van die persone wat gedood is gekom het of presies waarvandaan hulle gekom het nie?

HOF : Hoe bedoel u? Uit watter gebied?

MNR. BIZOS : Nee, presies by watter plek hulle gevind is? --

... / Ek

Ek kan nie met die stelling saamgaan nie. Die polisie moes darem seker geweet het min of meer, anders sou daar seker nie getuienis kon wees omtrent wie op watter plek opgetree het nie.

Volgens die polisie in die ondersoeke is dit net vermoed dat die betrokke persoon by een of ander plek geskiet moes gewees het? -- Ek dra nie kennis nie.

Sal u saamstem dat op die 3de en daarna die polisie in die gemeenskap, in die koerante en in die algemeen gekritiseer was vir die aantal persone wat geskiet was en gewond was? -- Ek is gewoond daaraan dat dit gebeur.

Laat ons net by die Vaal Driehoek bly en nie in die algemeen vir hierdie doeleindes nie. Is daar gepraat van 'n nuwe Sharpeville?

HOF : Deur wie?

MNR. BIZOS : In die koerant en in die algemeen? -- Ek het dit nie gelees nie.

Het u van soortgelyke bewerings in die gemeenskap gehoor dat onnodige geweld deur die polisie gebruik was vroeg die oggend voor daar reaksie deur die gemeenskap was? -- Ek het nie.

Sal u saamstem dat die gemeenskap in die algemeen in die Vaal Driehoek geskok was met die gebeurtenis van die 3de? -- Ek kan nie sê nie.

Wel, u was daar. Kan u nie sê wat die gemoed van die gemeenskap was nie?

HOF : Die houding?

MNR. BIZOS : Wat die houding van die gemeenskap was die aand van die 3de en die oggend van die 4de nie? -- Ek kan getuig oor Sharpeville. Die aand van die 3de was dit stil in daardie gemeenskap. Dieselfde in Boipatong en Bophelong.

... / Op

Op die 4de was daar in daardie gebiede min voorvalle.

Ons praat nie net van voorvalle nie, maar wat was die houding van die gemeenskap? Byvoorbeeld, het mense werk toe gegaan op die oggend van die 4de? -- Hulle het nie werk toe gegaan nie. Daar was geen busdiens beskikbaar nie.

Diegene wat met motors en taxi's werk toe gaan, het hulle werk toe gegaan? -- Ek weet nie. Daar het wel voertuie beweeg.

Sal u sê dat daar vertroue was in die polisie deur die gemeenskap na die gebeurtenis van die 3de? -- Daar was seker nie. Dit is seker af te lei, behalwe dat omstandighede afgeplat het en dat ek as gevolg daarvan 'n geleentheid kon vind om op 'n vreedsame wyse met die gemeenskap te handel toe die eerste geleentheid tot my beskikking gekom het.

Was daar enige samewerking tussen die polisie en die gemeenskap in verband met byvoorbeeld die neem van mense na die hospitaal vir behandeling? -- Waar die polisie wel beseerdes opgemerk het, het hulle hulle na die hospitaal toe geneem.

Na die hospitaal geneem as vry mense of het hulle die mense gearresteer? -- Daar is wagte by die hospitale geplaas.

Is almal wat na die hospitaal of kliniek gegaan het vir mediese behandeling deur die polisie gearresteer? -- Ek weet nie of almal gearresteer is nie.

Is u in staat om dit te erken of te ontken dat al die persone wat na die hospitaal of kliniek geneem was gearresteer was? -- Ek ontken dit. Hulle is nie almal daarvandaan verwyder nie. Daar is verklarings geneem. Daar is name geneem van die mense.

Het die polisie op die vermoede gewerk dat as 'n persoon beseer was, hy seer sekerlik van een of ander misdaad skuldig moet wees? -- Geensins nie.

Sal u saamstem dat die omstandighede wat daar op die 3de

... / was

was, die vermoede nie van toepassing gewees het omdat onskuldige mense beseer kon gewees het in die uitoefening van die pligte van die polisie? -- Nee, die logiese afleiding van die polisie moes wees dat so 'n gewonde persoon wel op een of ander toneel waar deur die polisie opgetree was teenwoordig moes wees en dat daar eers vasgestel moes word van die persoon op welke wyse of uit ondersoek.

U aanvaar dat van die mense heel moontlik onskuldige persone kon gewees het? -- Hulle moes in 'n groep gewees het iewers waar die polisie opgetree het. Daar kon onskuldige persone gewees het.

<u>GETUIE STAAN AF</u>.

<u>HOF VERDAAG TOT 14h00</u>. <u>HOF HERVAT OM 14h00</u>.

E206 <u>GERHARD JOHANNES VILJOEN</u>, nog onder eed

<u>MR BIZOS</u> : My Lord, accused no. 17, Mr Matlole, has been taken to the doctor. We apply to continue in his absence.

<u>COURT</u> : We will do so.

<u>KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS</u> (vervolg) : Brigadier, u het vanoggend melding gemaak daarvan dat sekere van u manne aan u gemeld het dat sekere van die versterkings wat van Pretoria gekom het onnodig aggressief was? -- Dit is so.

<u>HOF</u> : Wanneer het die versterkings opgedaag? -- Die versterkings het tussen die ure 14h00 en 24h00 daardie nag op die 3de opgedaag.

Die nag van die 3de? Dit is dus later? Later as die onluste? -- Ja, van 14h00 van die middag van die 3de af tot die nag van did 3de.

<u>MNR. BIZOS</u> : Wanneer is die inligting deur u manne aan u gegee? -- Dit was op die 4de.

Is daar enige ondersoek deur u ... apparently it was only a lunch-hour visit to the doctor. Accused no. 17 is back.

... / Is

Is enige ondersoek deur u ingestel in verband met daardie bewering? -- Korrek. Ek het die persoon probeer opspoor. Ek kon nie en ek het alle offisiere wat - en adjudant-offisiere - bevel gevoer het oor daardie lede byeen gekry. Ek het aan hulle verduidelik dat 'n onlussituasie volgens my oordeel geen oorlog is nie en dat ek geen geweld sou duld as dit nie in verdediging van die polisiebeampte self, iemand anders is nie

Wat was die aard van die onnodige geweld? -- Die verslag aan my was dat 'n persoon onnodig met 'n rubberpatroon geskiet was.

U sal onthou dat u getuienis gegee het in verband met die gebeurtenis op die 5de toe u die skare en hulle verteenwoordigers ontmoet het? -- Korrek.

'n Eis wat gemaak was was dat die SAP nie in die gebied moes kom nie, omdat hulle die inwoners sal antagoniseer en verdere onluste sal veroorsaak. Dit was die bewering? -- Dit was die bewering.

Ek wil aan u stel wat wel gebeur het, nie noodwendig in u teenwoordigheid nie, maar wat wel gebeur het. Die polisie word getart, word hulle nie, deur die jong mense? -- Dit is korrek.

HOF : Bedoel u die polisie word uitgetart?

MR BIZOS : Teased, provoked.

HOF : Uitgelok eintlik.

MR. BIZOS : Met woorde en tekens ensovoorts? -- Dit is korrek.

Miskien kan 'n lid van die polisie die slagspreuke van die mense ook as provokasie beskou? -- Ek glo nie.

Is u bewus van die bewering wat gemaak was dat lede van die polisie nie van tyd tot tyd in staat is om hulle self

... / te

te beheer nie? -- Daar is sulke bewerings.

En as daar getuienis voor Sy Edele voorgelê word dat die polisie wat nie hulle self kan beheer nie, skiet die mense met rubberkoeëls? -- Nie waarvan ek bewus is nie.

En traanrook van tyd tot tyd voordat enige klippe gegooi is? -- Nie waarvan ek bewus is nie en as dit tot my kennis sou kom, sal ek streng optree, soos ek reeds genoem het.

Daar sal ook getuienis wees dat sekere van die jong polisiebeamptes skiet om die jong mense bang te maak en hulle is besig om te lag terwyl dit gebeur?

HOF : Hulle skiet wat?

MNR. BIZOS : Hulle skiet rubberkoeëls en hulle is besig om te lag of dit nou 'n soort sport van "cowboys and crooks" is?

HOF : Wie lag?

MNR. BIZOS : Die polisie, die persone wat skiet? -- Ek dra nie kennis van dergelike voorvalle nie.

En dit lei tot die gevolgtrekking dat daar geen respek vir die polisie deur die gemeenskap was nie? -- Mag ek dit stel dat ek vanaf die 7de met 'n privaat voertuig deur die gebiede in die Vaal Driehoek beweeg het voortdurend; dat ek op verskeie geleenthede kontak gehad het met kinders, met die algemene publiek en dat ek teen myself nie daardie antagonisme ondervind het nie en dat dit ook nie my algemene ondervinding in die Vaal Driehoek was nie.

Is dit nie waar dat ons dit nie vind as 'n algemene gevoel dat op 'n persoonlike en een-tot-een verhouding tussen die mense in hierdie gebied baie goed gewoonlik is? Of hulle nou Blankes is of Swartes? -- Dit gebeur en ek moet ook vir u sê dat die polisiebeamptes in daardie gebied baie dikwels met die jong mense saam sokker gespeel het. Hulle was genooi om saam te speel.

... / Dit

Dit is wat partykeer gebeur, maar toe die jong polisiemanne in die polisievoertuie begin rondry het met hulle gewere, die houding van die mense heeltemal verander het? -- Nee, verhoudings het inteendeel 'na die 3de verbeter.

In die algemeen? -- Op die 3de was daar totale antagonisme. U kan dit self verstaan in 'n situasie van aanval en verdedig. Na die 3de het hierdie voorvalle wat ek nou vir u noem van waar die polisie saam met die mense sokker gespeel het voorgekom. Ons het in werklikheid 'n goeie verhouding gehad met die algemene publiek.

Hoe versoenbaar is dit met die eis wat op die 5de gemaak is, dat die polisie nie eers binne-in die gebied moet kom nie? -- Op die 4de het gemoedere seker nog hoog geloop. Ons kan vaanraa dat die wetshandhawer altyd in die soeklig gaan wees; dat hy van sekere faksies van die gemeenskap weerstand sal ondervind.

Laat ons nou die bewerings neem wat u self gehad het van u eie manne dat onnodige geweld gebruik was deur die versterkings uit Pretoria. Is daar enige publieke stappe geneem teen enige persoon vir sy optrede, die mense wat van Pretoria af gekom het, in verband met daardie optrede? -- Hierdie was 'n enkele geïsoleerde voorval. Soos reeds getuig, het ek my bes probeer om vas te stel wie hierdie persoon was en ek het daadwerklike stappe geneem om 'n herhaling van so 'n voorval te voorkom.

Het u getuienis, enige memorandum, voor professor Van der Walt gegee? -- Ek het nie getuienis voor daardie Kommissie afgelê nie.

Of enige memorandum of enige inligting aan die Kommissie gegee nie? -- Geen memorandum nie. Ek was glad nie deur die Kommissie genader nie.

... / Het

Het u self die verslag of enige opsomming daarvan gesien? -- Ek het nie.

Ons sal dit daar laat. In verband met die gesprek wat u gehad het op die 5de, wie het die inisiatief geneem in verband met die vergadering? -- Die inisiatief was deur die gemeenskap geneem nadat ek hulle die geleentheid daartoe gegee het met my toenadering die oggend van die 5de.

Hoeveel mense sou u sê was daar in die skare op die 5de? -- By die Administrasieraadskantore was volgens skatting vyfduisend.

Het hulle in 'n optog opgedaag? -- Hulle het in 'n optog opgedaag.

<u>ASSESSOR (MNR. KRÜGEL)</u> : Kan ek net oor die vergadering ietsie probeer duidelik kry. Daar is vyfduisend mense daar en u vra vir hulle hulle moet verteenwoordigers aanwys? -- Ek herstel net daar. Ek het die eerste kontak gemaak met seshonderd mense. Daar het 'n persoon na vore gekom. Ek het hom trouens geroep en ek het aan hom gevra of gesê dat hulle by die raadskantore byeen moes kom en dat hulle dan 'n afvaardiging daar moes stel.

By 10h00 se kant, dink ek het u gesê, het die mense by die raadskantore bymekaar gekom. -- Ja.

En daar was toe 'n afvaardiging van sewe mense? -- Ja.

Was daar enige fasiliteite waardeur uself of die mense wat gekies is as afgevaardigdes daar met hierdie groot skare mense kon praat? -- Die afvaardiging was telkens gedurende die samespreking - het hulle teruggegaan na die skare toe, gerapporteer en dan weer teruggekom in die samesprekings. Daar was nie luidsprekers of ander fasiliteite nie.

Die probleem wat ek het, kon die mens wat praat met daardie klomp mense gelyk praat? Kon hulle hom hoor en

... / verstaan

verstaan? -- Ek het hulle nie vergesel nie. Dit sou moeilik wees. Ek het die probleem dan ook op die 6de ondervind. Ek weet ook dat die Swartgemeenskap boodskappe aanvoer na mekaar toe en ek sou sê dit sou die enigste metode gewees het waarop almal kennis sou geneem het van wat die spreker wou gesê het.

MNR. BIZOS : Uiteindelik het tussen vyf- en sesduisend mense na die Administrasiekantore gekom? -- Ja.

By watter Administrasiekantoor? -- Die Administrasiekantore van Sharpeville.

So, ons kan aanvaar dat mense 'n optog kon hou op die 5de in hulle duisende en na die Administrasiekantore kom? -- Volgens my oordeel was hierdie mense vredegesind, het ek die risiko geneem omdat ek nie 'n voorstaander van geweld is nie om hierdie mense toe te laat om hierdie samesprekings te voer. Ek kon veel anders optree. Optogte was verbied, skarevorming was verbied. Dit was 'n wetsoortreding, maar ek dink dat die reg laat my ook diskresie toe en ek het my diskresie in hierdie geval so gebruik omdat my oordeel was dat die mense, hulle was nie bewapen met klippe nie, hulle was nie dreigend nie, hulle het trouens die vredesteken gegee. My oordeel was dat dit 'n metode is waarop ons mekaar kon vind.

So, ons kan aanvaar dat alhoewel dit op die 3de gebeur het, dit moontlik is om op die 5de 'n vreedsame skare van duisende byeen te kry? -- Dit het gebeur.

Het u kennis gedra op die 5de dat beskuldigde nr. 3, eerwaarde Moselane, nie te Sharpeville was nie, omdat die Sinode van sy kerk daardie dag begin het? -- Ek het nie kennis gedra nie.

Nee, die 3de, dat hy nie daar was nie. Het u kennis gedra van die feit dat hy gedreig was deur sekere raadslede

... / in

in Lekoa in die hele gebied? -- Ek het nie kennis gedra nie.

Het u kennis gedra van die feit dat sy huis aangeval was voor die 3de? -- Nee.

En ook gedurende die nag van die 3de/4de September? -- Ek het geen kennis gedra daarvan nie.

Het u gehoor op die oggend van die 5de dat sekere mense of miskien die hele skare van mening was dat hy òf ontvoer was òf aangehou was? -- Nee. Inteendeel, die versoek was dat hy gehaal moes word.

Is u gevra om hom te gaan haal? -- Dit was gesê dat hulle wil hom teenwoordig hê. Ek het aangebied om reëlings te tref dat hy gehaal kan word.

Kan u onthou of enige ander polisiebeampte gevra was of eerwaarde Moselane aangehou was of nie? -- Dit was nie van my gevra nie.

En kan u onthou dat dit tydelik aanvaar is deur die mense daar dat hulle nie eerwaarde Moselane kon kry nie, dat hy nie beskikbaar was nie? Het u die verduideliking aanvaar? -- Dit moes so aanvaar gewees het, want iemand anders het in sy plek opgedaag.

Was dit eerwaarde Potolo? -- Potolo.

Ek weet nie of u teenwoordig was toe hy vir die heel eerste keer met die komitee of afgevaardigdes of die skare gepraat het dat hy, eerwaarde Potolo die skare verseker het dat eerwaarde Moselane nie aangehou is nie en hy is ook nie ontvoer nie en hy is op 'n veilige plek? -- Ek weet nie daarvan nie.

En dat hy vir sy eie veiligheid aangesê is om van Sharpeville te onttrek omdat daar aanvalle op sy huis was? -- Ek weet nie daarvan nie.

Een van die maniere waarop sy huis aangeval was, was

... / deur

deur rubberkoeëls en traanrook? -- Daarvan dra ek geen kennis nie.

HOF : Op watter dag is dit? Die aand tussen 2 en 3 of die aand tussen 3 en 4?

MNR. BIZOS : Die aand tussen die 3de en die 4de. In elk geval, is eerwaarde Potolo aanvaar as die leier van die verteenwoordiges? -- Ek aanvaar so.

Hy is ook 'n Anglikaanse Priester in Sharpeville? -- Ek weet nie wat die geloofsdenominasie van enige van hierdie predikante is nie.

Van waar af is hy genooi om te kom? -- Ek weet ook nie waar hy gekry was nie. Die persone wat eerwaarde Moselane moes gaan haal, het na Sebokeng gegaan.

Sebokeng of Evaton? -- Evaton is deel van Sebokeng.

Die mense van Evaton sal dit betwis, maar in elk geval. Ek weet dat u getuienis gegee het in verband met die eise en ek weet dat u melding gemaak het van BEWYSSTUK AAT(12) - in elk geval ons het 'n dokument wat deur mnr. Louw opgestel is. Ek wil die dokument aan u wys en vir u vra of u dit voorheen gesien het. -- Ek het dit gesien.

Wanneer het u dit gesien? -- Dit was iewers in - dit was na Desember 1984 in elk geval.

Na u daar weg is? -- Na ek daar weg is.

Waar het u dit gesien? -- Op Krugersdorp.

Is u 'n afskrif gestuur? -- Ja.

Kan u vir ons sê toe u dit gesien het of u van mening was of dit 'n korrekte weergawe is of is daar detail daarin waarmee u nie saamstem nie? -- Hier is besonderhede wat nie hier is nie.

Dit is een deel. Wat van dinge wat wel daar in is wat miskien nie daarin moes gewees het nie? -- Hier is meer

... / hier

hier op. Ek het getuig oor wat my waarneming was.

Daar is aspekte in die dokument wat u nie kan onthou dat dit gesê is of gebeur het nie. Kan u vir ons 'n paar voorbeelde gee, asseblief? -- Hier is byvoorbeeld nr. 11 "Lodges to the permitholder must be scrapped." Ek kan nie onthou dat dit gesê was nie. Ek kan ook nie onthou dat punt 18 "Requesting an independent commission of inquiry pertaining to the allocation of businesses" op daardie dag ter sprake was nie. Punt 19 "Objections were raised in regard to the tri-cameral parliamentary system of central government excluding Blacks." Ek het dit dat hierdie bewering gemaak was tegelykertyd met die bewering dat die gemeenskap hulle eie raad sal saamstel, maar dan nie in terme van die Wet op Swart Stedelike Gebiede nie, omdat die Swartgemeenskap nie soos die Indiër en die Kleurling deel vorm van daardie parlement nie.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL): Is dit dieselfde as wat in punt 2 te kenne gegee word? -- Ja.

Punt 2 en punt 19? -- Punt 19 is volgens my kennis in een gestel.

HOF : En wat sê u van punt 20? -- Dieselfde. Daardie sou een punt volgens my oordeel wees.

MNR. BIZOS : Is daar nog iets daar in wat u nie kan onthou nie of dat u interpretasie daarvan anders was? -- Punt nr. 5 was volgens my ook nie gestel nie. Dit loop saam met punt nr. 1. "No payment of house rental and service charges and meter services until the total land package is reduced to R30,00 per month per house."

HOF : U bedoel dit was nie 'n aparte item nie, maar dit was deel van punt nr. 1? -- Ek kan werklik nie eers onthou dat so iets gestel was nie.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Is dit nie maar soos die kruisonder-

.../vraging

vraging in die saak nie, dat dieselfde ding maar weer van tyd tot tyd voorkom? -- Dit is baie moontlik.

MNR. BIZOS : Is daar enigiets anders? -- Ek weet nie of ek punt 14 genoem het nie. Ek kan ook nie onthou dat dit op daardie vergadering genoem is nie.

HOF : Dit is die omruiling van huise? -- Ja. Ek dink dit is al.

MNR. BIZOS : Maar die dokument bevat ook nie wat deur u gesê was en wat deur mnr. Louw gesê was nie? Dit is hierdie dokument AAT(12)? -- Die dokument bevat wat deur my gesê was.

Was dit duidelik vir u dat die ding wat die mense daar baie bekommer het, was die kwessie van die huurgeld? Dit was die hoof en mees belangrike van die griewe wat hulle gehad het? -- In die samesprekings het hulle beswaar gemaak daarteen.

Ook dat die raadslede nie die mense van Lekoa verteenwoordig nie? -- Dit was hulle houding.

Op die 5de was daar aangehoudenes? -- Daar was aangehoudenes.

Verstaan u enige verskil tussen 'n aangehoudene en 'n persoon wat gearresteer is en verhoorafwagtend is? -- Daar is geen verskil nie. Daar was mense gearresteer en aangehou.

U sien, ek wil aan u stel dat mense wat gearresteer is en die polisie van mening is om hulle hof toe te bring, geen moeilikheid het om hulle mense by die selle te sien nie? -- Daar is geen probleme daarmee nie.

Maar die ander soort aangehoudenes, dit is mos die reg van die veiligheidspolisie om mense hulle familielede te laat sien of nie? -- Ek sien wat bedoel word. Ek het geen kennis gedra op die 5de van enige sodanige aangehoudenes nie.

Ons is gesê dat dit nie 'n geskilpunt was op die 5de nie? -- Dit was. Dit was gestel dat die familie toegelaat

... / moet

moet word om aangehoudenes te besoek.

Is enige rede aan u gegee deur mnr. Louw of iemand anders waarom 'n afskrif hiervan aan u gestuur is na Desember 1984? -- Ek het so 'n afskrif aangevra.

Was daar enige versoek deur enige persoon om so gou as moontlik die vrede in die gebied te herstel? -- Op die 5de? Ek kan nie onthou nie. Dit mag in samesprekings uitgekom het. Daar was nie so 'n punt nie. Ek kan noem dat die samesprekings op die 6de daar wel so 'n punt was dat die persone met wie ons gepraat het aangebied het dat hulle wou help in die ontlonting van die situasie. Ek weet nie of dit is wat u bedoel nie.

Is die groot skare uiteen op 'n vreedsame manier?

HOF : Op die 5de?

MNR. BIZOS : Op die 5de. -- Hulle is vreedsaam uiteen.

Was dit vir u volle bewys dat duisende mense bereid was om oor griewe wat hulle het te praat op die 5de met die polisie, stadsklerk en ander mense? -- Dit was duidelik. Dit het gebeur.

Voor of op die 5de, na die 3de, tussen die 3de en die 5de, is u gesê dat die mense van Lekoa van plan was om 'n optog van hulle woonplek af na Houtkop te hou om hulle mening uit te spreek in verband met die huurverhoging?

HOF : U bedoel op die 3de?

MNR. BIZOS : Op die 3de.

HOF : Met ander woorde, is u na die 3de en voor die 5de - voor of op die 5de meegedeel dat die doel was om op die 3de, die dag van die onluste, 'n optog te hou na Houtkop? -- Ek het nie van so iets kennis geneem nie.

MNR. BIZOS : Het u mnr. Louw of die burgemeester of enige persoon wat in die beheer van die Stadsraad betrokke was dikwels gesien? -- Nee, nie dikwels nie. Voor die 3de het ek mnr. Louw nie eers geken nie, nog een van die stadsraadslede.

Maar 'nie eers onmiddellik na die 3de het iemand na u gekom en probeer verduidelik wat moontlik een van die moeilikhede daar was nie? -- Nee.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 18 APRIL 1986.

- - - - - - - - - - -

**DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989**


### *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**



### *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.


### *DOCUMENT DETAILS:*

*Document ID:-* **AK2117-I1-9-65**
*Document Title:-* **Vol 65 p 3400-34S8. Witness: Viljoen**